

21. Kerkregtelik

21.1 RAPPORT DEPUTATE VIR DIE TOEPASSING VAN KO, ART.66 (Art.18)

A. Dr. J. Visser stel die Rapport.

B. RAPPORT:

1. Opdrag

Kyk Acta Nasionale Sinode 1994:420, 22.3.

Besluit: Kennis geneem.

2. Vir kennisname

U Deputate is opgeroep om op 6 April 1994 saam met Klassis Potchefstroom te vergader ter uitvoering van KO, art.66.

2.1 Aangesien ds. N.G. Laubscher nie beskikbaar was nie, is ds. I.J.V. Kruger as sekundus opgeroep.

2.2 Op die vergadering is die volgende besluit met advies en instemming van u Deputate geneem:

"Die Klassis Potchefstroom van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika met Deputate van die Nasionale Sinodes wat deur die kerke aangewys is om oor die implementering van KO, art.66 te handel, het op 6 April 1994 besluit om 24 April 1994 as 'n dag van verootmoediging en gebed vir al die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika uit te skrywe.

Hierdie oproep word gemotiveer deur groot beproewings waarvan die druk oral in die kerke gevoel word, waar onder toename in misdaad, doodslag, dreiging tot geweld, onsekerheid en werkloosheid.

Ons beklemtoon dat hierdie oproep gemotiveer is deur 'n opregte behoefte om ons voor God te verootmoedig en omdat ons ons eie magteloosheid, onvolkomenheid, sonde en skuld voor God wil bely.

Ons beklemtoon die vereistes vir die gebede wat God welgevallig is en deur Hom verhoor word, naamlik dat ons die enig ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het van harte aanroep, dat ons ons nood en ellende reg en grondig moet ken en dat ons alleen bid op die soenverdienste van Jesus Christus.

Die vergadering spreek die wens uit dat alle Christene in ons land wat dieselfde geloof as ons bely hulle in hierdie tyd voor God sal verootmoedig.

Praktiese implementering:

1. Die Klassis het kennis geneem van 'n besluit deur Deputate van Sinode Soutpansberg om al die kerke in hulle ressort op 17 April 1994 tot 'n dag van verootmoediging en gebed op te roep.

2. Die besluit van die Klassis vir 24 April 1994 is bloot om praktiese oorwegings geneem en het nie die bedoeling om bogenoemde besluit deur die Deputate van Soutpansberg in gedrang te bring nie.

3. Die Korresponderende Kerkraad gee die volledige besluit en motivering via die Administratiewe Buro deur aan al die Gereformeerde Kerke, *Die Kerkblad* en die openbare media.

Besluit: Kennis geneem.

3. Vir besluitneming

Twee Deputate met sekundi moet weer aangewys word.

Besluit: Goedgekeur en verwys na Kommissie vir benoeming van Deputate.

21.2 RAPPORT DEPUTATE VIR REGSAANGELEENTHEDE (Art.17)

A. Prof. A. le R. du Plooy stel die Rapport.

B. RAPPORT:

1. Opdrag

Kyk Acta 1994:422.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 *Die Deputate het op versoek adviese oor die volgende aangeleenthede gegee:*

2.1.1 Op versoek van die Administratiewe Buro oor die verhuring en verkoop van die eiendom van die GKSA by Hammanskraal.

2.1.2 Op versoek van die Deputate vir Emeritaatsfonds oor emeritusversorging.

2.1.3 Op versoek van die Kuratorium oor die moontlike opheffing van 'n embargo en vernietiging van dokumente.

2.1.4 Op versoek van die Administratiewe Buro oor die interpretasie van die bepalings van die W. du Toit-Trust.

2.1.5 Enkele kleiner navrae wat meestal individueel deur lede van hierdie Deputate gehanteer is.

2.2 Aangesien die inhoud van die adviese deur die betrokke instansies, soos die Administratiewe Buro of Deputate wat navraag gedoen het, se Rapporte behandel word, ag ons dit onnodig om verder in hierdie Rapport daarop in te gaan.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waarvoor die Sinode moet besluit

3.1 As voorsitter van die Deputate versoek ek die Sinode om die ander lede van die Deputate wat as professionele mense uit liefde vir die saak die werk gedoen het, skriftelik te bedank.

Besluit: Verwys na die Direkteur, Administratiewe Buro.

3.2 Die Sinode oorweeg om weer Deputate vir Regsaangeleenthede te benoem, en dat in sodanige geval 'n duidelike mandaat aan die Deputate gegee word.

Besluit: Goedgekeur en verwys na Kommissie vir benoeming van Deputate.

21.3 RAPPORT DEPUTATE VIR KERKREGTELIKE SAKE (Artt.35, 167, 168)

A. Ds. J.P. Bingle stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Kerkregtelike Sake I.

C. Ds. J.C. Erasmus rapporteer namens die Kommissie.

D. RAPPORT:

1. Opdrag

1.1 "3.2 Dat die Sinode weer Deputate met dieselfde opdrag benoem. Die opdrag is vervat in Acta 1991:507, 5.1.8.2; (vgl. Acta 1991:793, 2.21.2). Hulle moet die Rapport van die vorige Deputate sowel as die sake wat die Kommissie hierbo aangestip het, sover nodig en geldig ook in berekening bring in die uitvoering van hulle opdrag" (Acta 1994:428, 22.3; vgl. ook Acta 1994:426-427, 4.8).

[Acta 1991:507, 5.1.8.2: "'n Emeritusprofessor val uitsluitlik onder toesig van die plaaslike Kerkraad waar hy woon. Besluit: Kennis geneem. Die saak word verwys na Studiedeputate (Deputate Kerkregtelike Sake)"]

Besluit: Kennis geneem.

1.2 "1. Die Meerderheids- en Minderheidsrapport se aanbevelings oor KO, art.59, word goedgekeur.

2. Die res van die Rapporte [Meerderheids- en Minderheids-] word verwys na die Deputate vir Kerkregtelike Sake om die volgende Sinode te adviseer" (Acta 1994:455, 22.7).

[Die 'res van die Rapporte' handel oor 'n Beswaarskrif van die Partikuliere Sinode Noord-Transvaal teen die verandering deur Sinode 1964 van KO, artt.61, 76 en 77, na die huidige redaksie. Die beswaar wat teen die redaksie van KO, art.59 gehandhaaf is (1. hierbo), was deel van dieselfde beswaar.]

Besluit: Kennis geneem.

2. Die Sinode neem kennis

2.1 *Opdrag 1.1 - Toesig oor Emeritusprofessore:*

2.1.1 Die Sinode van 1991 (Acta:507, e.v.; 729-734) het gewysigde prosedures oor die toesig en tug oor professore aanvaar.

2.1.2 By die behandeling van die sake genoem in 2.1.1 hierbo, het die Sinode voor die vraag te staan gekom wat die posisie is van professore wat geëmeriteer het: bly hulle ten opsigte van die

uitoefening van hulle amppligte en hulle versorging steeds onder die toesig en tug van die Kuratorium of kom hulle na hulle emeritaat uitsluitlik onder die sorg en toesig van die kerkraad waar hulle woon?

2.1.3 Die studie wat deur Sinode 1991 opgedra is aan Studiedeputate se resultate is deur die Nasionale Sinode 1994 behandel, maar daar is slegs kennis geneem van die Rapport. Die saak is verwys na die Deputate vir Kerkregtelike Sake.

Besluit: Kennis geneem van pte.2.1.1 tot 2.1.3.

2.2 *Opdrag 1.2 - Beswaar teen redaksie van KO, artt.61, 76 en 77:*
Die twee Kommissierapporte (Meerderheids- en Minderheids-) wat aan Sinode 1994 as advies aangebied is, moet volgens opdrag in studie geneem word en beoordeel word om Sinode 1997 in staat te stel om uitspraak te gee oor die Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Noord-Transvaal. Die Deputate se taak is dus om via die beoordeling van die Kommissierapporte die problematiek in die Beswaarskrif in studie te neem.

2.2.1 Algemene Beswaargronde:

2.2.1.1 Sinode 1994 het hom nie uitgespreek oor die Meerderheids- en Minderheidsrapporte se aanbevelings oor die Algemene Beswaargronde nie.

2.2.1.2 Die Meerderheids- en Minderheidsrapport verskil soos volg in hulle advies oor die Algemene Beswaargronde:

eursgenoemde sien die eerste twee (van die vier) beswaargronde as formele gronde en handhaaf dit sonder om daarmee te impliseer dat dit prinsipiële implikasies vir Sinode 1964 se veranderings aan die betrokke artikels;

laasgenoemde handhaaf al vier algemene gronde.

2.2.1.3 Die Meerderheids- en Minderheidsrapporte aanvaar dus beide die Algemene Gronde dat Sinode 1964:

* met die tersaaklike wysiginge nie by die besluit van Sinode 1961 gehou het nie, nl. om slegs noodsaaklike wysigings aan te bring;

* die Sinodebesluit van 1961 bloot by wyse van 'n Kommissierapport ter syde gestel het sonder die behoorlike weg van gravamen met behoorlike motivering.

Die Rapporte verskil wel daarin dat Algemene Beswaargrond 3 aanvoer dat Sinode 1964 onregmatig opgetree het deur 'n beperkte opdrag wyer te interpreteer en Algemene Beswaargrond 4 dat Sinode 1964 betekenisveranderinge in die Kerkorde aangebring het.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.2 Beswaar met betrekking tot KO, art.61:

2.2.2.1 Die twee Kommissierapporte verskil formeel soos volg:

Meerderheidsrapport:

die beswaar word op geen van die beswaargronde gehandhaaf nie, maar oor twee van die agt gronde kan nie uitsluitel gegee word alvorens 'n Sinode die woorde 'ander kerke' in KO, art.61 geïnterpreteer het nie;

Minderheidsrapport:

die beswaar word op al agt beswaargronde gehandhaaf.

2.2.2.2 Die twee Kommissierapporte verskil materieel soos volg:

Meerderheidsrapport:

uitsluitel oor die woorde 'ander kerke' moet verkry word: indien dit dui op kerke binne kerkverband, kan die beswaar nie gehandhaaf word nie; indien dit ook na kerke buite kerkverband verwys, moet dit gehandhaaf word.

Minderheidsrapport:

interpreteer 'ander kerke' as kerke in kerkverband (dus: die eerste moontlike interpretasie wat die Meerderheidsrapport voorsien), en verklaar daarom dat die beswaar gehandhaaf moet word (m.a.w. ander as wat die Meerderheidsrapport sou doen as dit die betekenis van die woorde sou wees).

2.2.2.3 Interpretasie van die woorde **ander kerke** blyk dus nodig te wees, maar dit sal nog nie daartoe lei dat die Rapporte se standpunte met mekaar versoen word nie. Die beswaar as sulks kan dan wel op grond van die interpretasie beantwoord word.

2.2.3 Beswaar met betrekking tot KO, artt.76 en 77:

2.2.3.1 Die beswaar word gemotiveer deur daarop te wys dat Sinode 1964 die redaksie van KO, artt.76 en 77 verander het [die woord 'Nagmaal' is vervang met 'sakramente'] sonder om 'n duidelike motivering daarvoor te gee.

2.2.3.2 Sinode 1994 het die Meerderheids- en Minderheidsrapport wat deur sy Kommissie voorgelê is, na die Deputate vir Kerkregtelike Sake verwys om uitsluitel daarvoor te gee. [Eersgenoemde verwerp die beswaar; laasgenoemde handhaaf dit.]

Besluit: Kennis geneem van punte 2.2.2 tot 2.2.3.2.

3. Die Sinode oorweeg

3.1 *Opdrag 1.1 - Toesig oor Emeritusprofessore:*

3.1.1 Die stelling dat 'n emeritusprofessor uitsluitlik val onder die toesig van die plaaslike kerk waar hy woon (vgl. Acta 1994:428; Acta 1991:507), is in stryd met die besluit van die Nasionale Sinode 1988 (Acta:541, 2.7.3) wat soos volg lui:

"Geëmeriteerde professore bly steeds aan al die kerke in kerkverband verbonde. Alles wat dus in hierdie Rapport oor die versorging en moontlike tughandeling oor professore vermeld is, is ook op emeritusprofessore van toepassing. Dit bring uiteraard mee dat daar in die geval van emeritusprofessore 'n besondere noue skakel moet wees tussen die kerkraad onder wie se sorg hy woon, en die betrokke Kuratorium.

Besluit: Goedkeurend kennis geneem."

Hierdie besluit is nie deur latere Sinodes verander nie. Dit moet in ag geneem word dat die Nasionale Sinode 1991 (Acta:496, 2.2) daarvan kennis geneem het dat die verdere aandag aan die versorging, tug en toesig oor professore aangesluit het by Rapporte wat reeds voor Sinodes 1982, 1985 en 1988 gedien het.

3.1.2 Toe die Nasionale Sinodes van 1988 en 1991 op 'n indringende wyse aan 'n hersiening van die toesig en tug oor professore aandag gegee het, is nagelaat om die besluite van die Nasionale Sinode 1982 (Acta:46-47; 81-85) in ag te neem (vgl. veral Acta 1982:46-47, 2.5 en 84-85, 21.3.2). Die wysigings wat die Nasionale Sinode 1991 (Acta:507 e.v. en 727-734; vgl. veral 732, 2.1.10) oor die toesig en tug oor professore aan bepaalde besluite van 1973 (Acta:316, 2.2.2.5.1 en 2.2.2.5.2) aangebring het, het die konsekwensie dat die besluite van 1982 soos hierbo gestel ook gewysig moes word. Die rede hiervoor is dat die betrokke besluite van 1982 gebaseer is op besluite van 1973 (Acta:316) waarvolgens die tugreg oor professore se ampswerk nog by die kerkraad waar hy woon berus, terwyl dit in 1991 sodanig verander is dat dit die Kuratorium se verantwoordelikheid geword het.

3.1.3 Wanneer as vertrekpunt geneem word dat die Kerkorde (artt.2 en 18) vier dienste erken, lyk dit voor die handliggend dat die diens van professore 'n vierde afsonderlike diens is. Die Nasionale Sinode van 1973 (Acta:315-316, 2.2.1-2.2.2.3) het prinsipiële besluite oor hierdie diens van professore geneem, bv. dat 'n professor onthef is van die verpligting ten opsigte van die ander fasette van die ampswerk van predikant maar die bevoegdheid daartoe behou onder die toesig van die plaaslike kerk; dat hy vir sy diens aan die Skool aan al die plaaslike kerke gelyklik verbind is, en dat die toesig oor sy diens as professor deur al die kerke in kerkverband (Kuratorium) geskied.

Vir hierdie vierde diens is ook 'n afsonderlike roeping en beroeping nodig. Daarom word hy in terme van KO, art.10 van sy verbintenis as predikant van 'n gemeente losgemaak en as professor aan al die kerke verbind.

Hierdie diens is dus nie tydelik nie, maar 'n volledige en voltydse afsonderlike diens.

3.1.4 Wanneer iemand dus as professor emeriteer, emeriteer hy as professor wat die bevoegdheid tot die uitoefening daartoe behou wanneer hy versoek word om deelyds die diens te verrig, namate sy kragte en bekwaamheid dit toelaat. Hy word ook as sodanig steeds deur die kerke deur middel van die Kuratorium versorg.

Besluit: Die Sinode neem goedkeurend kennis van pte.3.1.1 tot

3.1.4.

3.1.5 Bevinding:

3.1.5.1 'n Emeritusprofessor bly steeds verbonde aan al die kerke in kerkverband, soos Sinode 1988 (Acta:541, 273; vgl. 3.1.1 van hierdie Rapport) besluit het.

Dit impliseer dat die stelling "'n Emeritusprofessor val uitsluitlik onder die toesig van die plaaslike kerkraad waar hy woon" (Acta 1994:428; Acta 1991:507) wat in studie geneem moes word, kan in die lig van die besluit van die Nasionale Sinode 1988 (Acta:541, 2.7.3) nie gehandhaaf word nie.

3.1.5.2 Die besluite van Nasionale Sinode 1982 soos gestel in 3.1.2 van hierdie Rapport, sowel as die besluit dat 'n Akte van Bevestiging saam met die attestasie van die te beroepe professor na sy nuwe gemeente gestuur moet word, is ter syde gestel deur die besluite wat deur die Nasionale Sinodes van 1988 en 1991 in hierdie verband geneem is.

Besluit: Punte 3.1.5.1 en 3.1.5.2 word goedgekeur soos gewysig (wysigings reeds aangebring - Deputate Handeling). Vergelyk ook punt 4.1 hieronder.

3.2 *Opdrag 1.2 - Beswaar teen redaksie KO, artt.61, 76 en 77:*

3.2.1 Beoordeling en bevinding met betrekking tot die Algemene Beswaargronde:

3.2.1.1 Sowel die Meerderheids- as Minderheidsrapport wat by die Sinode van 1994 gedien het, laat die eerste twee Algemene Beswaargronde slaag.

3.2.1.2 Die eerste Algemene Beswaargrond moet as geldig beoordeel word daarin dat Sinode 1964 met betrekking tot die wysiging van Kerkorde, artt.59, 61, 76 en 77 nie by die besluit van Sinode 1961 gehou het nie, naamlik om slegs n o o d s a a k l i k e veranderinge aan te bring (Acta 1961:347, ii onder Besluit).

3.2.1.3 Die tweede Algemene Beswaargrond moet eweneens as geldig beoordeel word. Sinode 1964 het inderdaad die besluit van 1961, waarin die opdrag tot slegs redaksionele wysigings, noodsaaklike veranderings en behoud van bestaande bewoordinge, aan die hand van 'n Kommissierapport ter syde gestel, sonder 'n behoorlik gemotiveerde gravamen.

3.2.1.4 Die derde Algemene Beswaargrond kom inhoudelik op dieselfde as die tweede neer en word nie hier as 'n afsonderlike grond beoordeel nie.

3.2.1.5 Die vierde Algemene Beswaargrond word nie bewys nie. U Deputate oordeel dat die tersaaklike veranderinge deur Sinode 1964 wel misverstande in die hand kan werk, sonder dat daarmee noodwendig betekenisveranderinge bewys is.

Bevinding: Die beswaar slaag op die eerste en tweede Algemene Beswaargronde.

Besluit: Punte 3.2.1 tot 3.2.1.5 word goedgekeur.

3.2.2 Kerkorde, art.61:

3.2.2.1 Die oorspronklike bedoeling van KO, art.61

3.2.2.1.1 Prinsipiëel

3.2.2.1.1.1 Daar is 'n noue prinsipiële band tussen KO, artt.59, 61 en 82. Die artikels se oorspronklike bedoeling is om te reël h o e iemand lidmaat word van die plaaslike kerk. Daar is die volgende maniere:

* deur die doop (KO, art.59 saamgelees met KO, artt.56, 57, 58 en 60)

* deur belydenis van die Gereformeerde godsdiens en 'n getuienis van 'n vrome lewenswandel (KO, artt.61 en 82).

3.2.2.1.1.2 Art.61 wil positief ordelik reël hoe en wie die plaaslike kerk t o e l a a t tot die Heilige Nagmaal en nie negatief wie en hoe u i t g e s l u i t word nie. Daarom val die aksent in die artikel op die woord 'getuienis' ["sonder ... getuienis moet (niemand) toegelaat word nie"].

3.2.2.1.1.3 Die Heilige Nagmaal is prinsipiëel 'n e k s k l u s i e w e aangeleentheid en het daarom 'n g e s l o t e karakter. Dit is slegs vir gelowiges ingestel. Daarom moet elkeen alvorens hy tot die Nagmaal toegelaat word"... belydenis van die Gereformeerde godsdiens gedoen het en 'n goeie getuienis van 'n vrome wandel besit".

3.2.2.1.2 Histories

3.2.2.1.2.1 In die interpretasie van die artikel moet die reformatoriese onderskeid van Calvin in sy kerkbegrip tussen die missa catechemenorum en die missa fidelium in berekening gebring word. Die missa fidelium (Nagmaal) is juis die geleentheid waar die wese van die ware kerk tot sigbare vergestaltung kom en is daarom eksklusief - teenoor die missa catechemenorum wat inklusief is en waarin daar baie gebreke, vlekke, huigelaars en sondaars vermeng is (Inst. 4.1.7). Die Gereformeerde Nagmaal rig hom juis op die binnekring van ware gelowiges, die uitverkorenes wat die kenmerke van die ware kerk (NGB, art.29) vertoon en wie se geloof met 'n suiwer leer en lewe gedemonstreer word.

3.2.2.1.2.2 In die Dordtse Kerkorde dui die woord 'kerk' konsekwent die plaaslike kerk aan en dit is nie 'n verwysing na 'n versameling van plaaslike kerke of na kerkverbande nie. Laasgenoemde kerkbegrip (kerkverband as kerk) is 'n oorblyfsel van die Agtiende-eeuse Rasionalistiese kerkebegrip. Die verantwoordelikheid van toelating tot die Heilige Nagmaal lê by die plaaslike kerk. Die begrip 'ander kerke' in art.61 dui op ander plaaslike kerke en nie op ander kerkverbande of denominasies nie.

3.2.2.1.2.3 Toe KO, art.61 sy beslag gekry het, was daar nie sprake van kerkverbande soos dit nou bekend is nie, en daarom kan die begrip 'ander kerke' as kerke uit ander kerkverbande nie nou ingevoer word nie. Dit sou 'n anakronisme wees.

3.2.2.1.2.4 Dit is belangrik dat die Reformasie en gevolglik die Dordtse Kerkorde die k o n f e s s i e as uitgangspunt gebruik vir die vasstelling van hoe en wie tot die Heilige Nagmaal toegelaat moet word en nie die kerk-sentriese denominasionele lidmaatskap nie: "... alleen diegene wat belydenis van die Gereformeerde godsdiens gedoen het".

Die woorde 'Gereformeerde godsdiens' slaan op die godsdiens van die Reformasie in teenstelling met die Roomse en Anabaptistiese godsdiens en nie op 'n bepaalde strukturele of denominasionele kerklike identiteit nie.

Tydens die Reformasie is Lutherane by geleentheid aan die Nagmaal toegelaat, omdat dit oorweging verdien dat "de Kerkeraad zulke Christenen niet afstoot", Christene wat in onderskeiding van die Roomse en Anabaptistiese gelowiges nie 'n belydenis strydig met die Gereformeerde godsdiens het nie. Tydens die Doleansie van 1886 is ook lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk by geleentheid tot die tafel toegelaat, omdat hulle met die Gereformeerdes saamgelewe het, alhoewel hulle "niet durfen of willen aansluiten" (Bouwman, 1934:391).

Besluit: Kennis geneem van pte.3.2.2 tot 3.2.2.1.2.4.

3.2.2.2 Beoordeling van die agt spesifieke gronde van die Beswaarskrif

(Kyk weer 2.2.2 van hierdie Rapport vir 'n samevatting van die Meerderheids- en Minderheidsrapporte wat voor Sinode 1994 gedien het.)

3.2.2.2.1 **Beswaargrond 1**

Die beswaargrond saamgevat: Die woorde "van dieselfde kerkverband" is ingevoeg bloot vir duideliker formulering.

Beredenering: Sinode 1964 het die woorde in KO, art.61 tussen hakies "van dieselfde kerkverband" ingevoeg met as enigste motivering: "'n Duideliker motivering en daarom die woorde in hakies" (Acta 1964:72, 61). Die Sinode gee geen ander motivering uit Skrif, Konfessie en Kerkorde nie.

Bevinding: Die Beswaar slaag op hierdie grond.

Besluit: Goedgekeur. Die Beswaarskrif word gevolglik op hierdie grond gehandhaaf.

3.2.2.2.2 **Beswaargrond 2**

Die beswaargrond saamgevat: Hierdie toevoeging is 'n onnodige reglementering wat die bevoegdheid van die plaaslike kerk in gedrang bring, in die lig van Sinode 1961 se besluit dat die "Nagmaal as sakrament 'n saak (is) van die plaaslike kerk, waar die Kerkraad toesig hou oor die toegang daartoe ..." (Acta 1961:119; vgl. Acta 1967:589, 202).

Beredenering: Uit die prinsipiële en historiese gegewens is dit duidelik dat toelating tot die Heilige Nagmaal 'n saak van die

plaaslike kerk is (Acta 1961:199 en Acta 1967:589, 202. Kyk ook 3.2.1.1.2.3 van hierdie Rapport). Die Kerkorde reël in art.61 nie sake tussen kerkverbande nie, maar tussen plaaslike kerke. Daarom is die woorde tussen hakies onnodig reglementerend en bowendien teenstrydig met KO, art.30, aangesien die toelating tot die Heilige Nagmaal 'n saak is wat in mindere vergaderings afgehandel kan word.

Bevinding: Die Beswaar slaag op hierdie grond.

3.2.2.2.3 **Beswaargrond 3**

Beswaargronde 3 en 4 saamgevat: Hierdie twee beswaargronde handel oor 'n interpretasie van KO, art.61 op grond van historiese gegewens uit die Reformasie en Doleansie.

Beredenering: KO, art.61 neem sy vertrekpunt in die Konfessie en nie vanuit 'n kerksentriese hoek nie (vgl. 3.2.1.1.2.4 van hierdie Rapport).

In KO, art.61 word twee kategorieë onderskei oor wie tot die Heilige Nagmaal toegelaat word, naamlik

* die wat belydenis van die Gereformeerde godsdiens gedoen het en suiwer is in leer

en lewe

* die uit ander kerke, wat die volgende kan insluit:

- diegene uit dieselfde kerkverband wat met attes aangesluit het (KO, art.82)

- wie met goeie getuienis kom (uit of van buite die kerkverband)

- wie as besoeker kom met goeie getuienis (vgl. ook Acta 1961:199 en 1967:589, 202).

Verskeie kerkverbande binne die Gereformeerde tradisie soos ons dit vandag ken, het toe nie bestaan nie. Die skeiding was tussen die Roomse (sowel as die Aabaptistiese) kerke en die Gereformeerde Kerke. Hierdie artikel reël kennelik die toelating van gelowiges wat die Gereformeerde godsdiens huldig en wat met goeie getuienis aanmeld. Elke plaaslike kerk reël hoe hy hierdie beginsel in praktyk toepas (vgl. weer Acta 1961:199 en 1967:589, 202).

Bevinding: Die Beswaar slaag op hierdie grond.

Besluit: Goedgekeur. Die Beswaarskrif word gevolglik op hierdie grond gehandhaaf.

3.2.2.2.4 **Beswaargrond 4**

Beswaargronde 3 en 4 saamgevat: Kyk by 3.2.2.2.3 hierbo.

Beredenering: Soos by 3.2.2.2.3 hierbo.

Bevinding: Die Beswaar slaag op hierdie grond.

Besluit: Goedgekeur. Die Beswaarskrif word gevolglik op hierdie grond gehandhaaf.

3.2.2.2.5 **Beswaargrond 5**

Die beswaargrond saamgevat: Die huidige redaksie van KO, art.61 skep die indruk dat dit sake ten opsigte van ander kerkverbande reël. Beredenering: Alhoewel Sinode 1964 bedoel het om duideliker te formuleer, is die bewoording verwarrend. Dit het in praktyk aanleiding tot misverstand gegee. Die klem word verplaas van 'getuienis' en 'belydenis' (konfessionele uitgangspunt) na kerklidmaatskap in kollegialistiese sin as vereiste vir toelating tot die Heilige Nagmaal. Die beswaargrond is korrek in sy opmerking dat dit strydig is met die Kerkorde om verwysings na ander kerkverbande te maak. Die implikasie van die woorde tussen hakies sou kon wees dat wie uit ander kerkverbande kom, nie belydenis van die Gereformeerde godsdiens (kon) gedoen het nie.

Bevinding: Die Beswaar slaag op hierdie grond.

Besluit: Goedgekeur. Die Beswaarskrif word gevolglik op hierdie grond gehandhaaf.

3.2.2.2.6 **Beswaargrond 6**

Die beswaargrond saamgevat: Die gebruik van die woord 'kerkverband' in hierdie konteks skep die indruk van 'n kerklike 'liggaam' waartoe kerke in Presbiterianistiese sin behoort.

Beredenering: Die Dordtse Kerkorde gebruik die begrip 'kerk' konsekwent as aanduiding vir die plaaslike kerk en nie vir versameling van plaaslike kerke of kerkverbande in Presbiterianistiese sin nie. Laasgenoemde kerkbegrip is 'n oorblyfsel van die Agtiende-Eeuse Rasionalistiese kerkbegrip. Die verantwoordelikheid oor toelating tot die Heilige Nagmaal lê by die plaaslike kerk (Acta 1961:199 en 1967:589, 202). Die woorde 'ander kerke' dui op ander plaaslike kerke en nie op ander kerkverbande en denominasies nie. Om die begrip 'kerkverband' in te voeg is 'n anakronisme (vgl. 3.2.2.1.2.3 van hierdie Rapport) wat die oorspronklike bedoeling verander.

Bevinding: Die Beswaar slaag op hierdie grond.

Besluit: Goedgekeur. Die Beswaarskrif word gevolglik op hierdie grond gehandhaaf.

3.2.2.2.7 **Beswaargrond 7**

Die beswaargrond saamgevat: Gereformeerde kerkregtelikes se kritiek op die invoeging is 'n bewys dat die invoeging kennelik nie die bedoeling van die Dordtse Kerkorde korrek weergee nie.

Beredenering: Die formulering van die woorde tussen hakies bots met die oorspronklike bedoeling van die artikel wat reël dat geeneen, vanwaar hy ook al kom, tot die Heilige Nagmaal toegelaat word nie sonder dat hy belydenis van die Gereformeerde godsdiens gedoen het en 'n goeie getuienis van 'n vrome wandel besit nie.

Die kritiek van verskeie erkende Gereformeerde kerkregtelikes teen die invoeging, soos aangetoon in die Beswaar, is dus geldig.

Bevinding: Die Beswaar slaag op hierdie grond.

Besluit: Goedgekeur. Die Beswaarskrif word gevolglik op hierdie grond gehandhaaf.

3.2.2.2.8 **Beswaargrond 8**

Die beswaargrond saamgevat: Die invoeging tussen hakies is oorbodig en verwarrend.

Beredenering; Die bogenoemde geslaagde gronde van beswaar toon aan dat die bewoording tussen hakies oorbodig en verwarrend is.

Bevinding: Die Beswaar slaag op hierdie grond.

Besluit: Goedgekeur. Die Beswaarskrif word gevolglik op hierdie grond gehandhaaf.

3.2.3 Kerkorde, artt.76 en 77:

3.2.3.1 Die oorspronklike bedoeling van KO, artt.76, en 77

3.2.3.1.1 Prinsipiël

3.2.3.1.1.1 Die Reformasie het die Christelike tugbediening en Nagmaal in noue verband met mekaar gesien. Die Nagmaal is volgens Calvyn juis die geleentheid waar die wese van die ware kerk tot sigbare vergestaltung kom. Hy onderskei in sy kerkbegrip tussen die *c o r p u s f i d e l i u m* - die ware gelowiges - en die *c o r p u s c a t e c h u m e n o r u m* - die gemengde gemeenskap waarin daar baie gebreke, vlekke, huigelaars en sondaars vermeng is (Inst. 4.1.7). Die Gereformeerde Nagmaal rig hom juis op die binnekring van ware gelowiges, die *c o r p u s f i d e l i u m* - die uitverkorenes wat die kenmerke van die ware kerk (NGB, art.29) vertoon en wie se geloof met 'n suiwer leer en lewe gedemonstreer word.

3.2.1.1.2 Die Nagmaal is prinsipiël 'n eksklusiewe aangeleentheid en daarom 'n geslote aangeleentheid. Dit is slegs vir gelowiges ingestel. Daarom moet elkeen, alvorens hy tot die Nagmaal toegelaat word, "belydenis van die Gereformeerde godsdiens gedoen het en 'n goeie getuienis van 'n vrome wandel besit" (KO, art.61). Die afhouding van die Nagmaal is deur Calvyn self in Geneve ingestel. In die eerste Kerkorde van Geneve word dan ook bepaal dat almal wat hulle onchristelik gedra en weier om na vermanings te luister, van die Nagmaal afgehou moet word.

3.2.3.1.1.3 In die Gereformeerde tughandeling is daar 'n onderskeid tussen die afhouding van die Nagmaal (*excommunicatio coenae*) en die afsnyding van die kerk (*excummunicatio ecclesiae*).

Eersgenoemde beteken tydelike verlies van alle kerklike voorregte wat die lidmate deur die doop en belydenis van geloof in die verbondsgemeenskap ontvang het, terwyl laasgenoemde permanente verlies van die voorregte inhou. Wie disiplinêr van die Nagmaal afgehou word, word daarmee ook die voorreg om 'n antwoord te gee op die vrae wat by die doop van kinders aan ouers gestel word, ontsê. Wie van die verbondsmaaltyd afgehou word, is vanselfsprekend ook nie bevoeg om 'n verbondsbelofte oor Christelike en godsalige opvoeding te maak nie.

3.2.3.1.1.4 Wat in die Konfessie bely word (Heidelbergse Kategismus, Sondag 31), word in KO, artt.76 en 77 kerkordelik gereël. Die Konfessie is die afgeleide norm uit die Skrif en gee die algemene beginsel (norma normata), terwyl die Kerkorde die toepassing van die beginsel in die praktyk in die oog het (norma ministrans).

3.2.3.1.2 Histories

Alle kerke in die Gereformeerde wêreld handhaaf die Dordtse bewoording van KO, artt.76 en 77, nl. 'Nagmaal' (in plaas van 'sakramente').

Die Gereformeerde Kerken (Nederland) het na meer volledigheid en duidelikheid gestreef deur in art.111 van die Kerkorde naas die afhouding van die Nagmaal verder te bepaal: "... dat de uitoefening van het recht de doopvragen te beantwoorden en aan de verkiezing van amtsdragers deel te nemen, hem onthouden word."

Besluit: Kennis geneem van pte.3.2.3.1 tot 3.2.3.1.2.

3.2.3.2 Die redaksionele wysiging van KO, artt.76 en 77 deur Sinode 1964.

Sinode 1964 wou meer konsekwent formuleer deur die algemene noemer 'sakramente' in plaas van 'Nagmaal' te stel.

Tog lê die afhouding van die Nagmaal (waar die lidmaat self die gebruik van die Nagmaal ontsê word) en die onbevoegdheid van die lidmaat om op die doopsvrae te antwoord, op verskillende vlakke. In laasgenoemde geval word die sondaar nie self van die sakrament afgehou nie, maar is hy net nie geregtig om deel te neem aan die beloftes wanneer die doop aan ander bedien word nie.

Dit is moeilik om hierdie onderskeiding onder die gemeenskaplike noemer 'sakramente' tuis te bring. Die redaksionele wysiging deur Sinode 1964 werk verwarring in die hand en gee aanleiding tot misverstand.

Die wysiging is ook sonder enige motivering aangebring.

Besluit: Kennis geneem.

3.2.3.3 Bevinding

Die oorspronklike bewoording van die Kerkorde gryp terug op die heel vroegste Reformatoriese kerkordes, en daar is nie duidelike gronde vir wysiging (aangedui) nie.

Die Beswaar slaag dus op hierdie grond.

Besluit: Goedgekeur. Die Beswaarskrif word gevolglik op hierdie grond gehandhaaf.

4. Die Sinode besluit (aanbevelings)

4.1 *Opdrag 1.1 - Toesig oor emeritusprofessore*

Die Sinode neem goedkeurend kennis van die oorweging en beredenering in 3.1.1 tot 3.1.4 hierbo en besluit soos in 3.1.5 hierbo bevind is.

Besluit: Goedgekeur.

4.2 *Opdrag 1.2 - Beswaar teen redaksie KO, artt.61, 76 en 77:*

4.2.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die oorweging en beredenering in 3.2.1 hierbo en besluit soos bevind is.

4.2.2 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die oorweging en beredenering in 3.2.2 hierbo en besluit soos bevind is.

4.2.3 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die oorweging en beredenering in 3.2.3 hierbo en besluit soos bevind is.

Besluit: Goedgekeur. Die Beswaarskrifte word gevolglik op al die aangeduide beswaargronde gehandhaaf. Hiermee word die Rapport van die Deputate in sy geheel goedgekeur. Die Kerkorde-artikels 61, 76 en 77 word verander in ooreenstemming met die redaksie soos voor die Sinode 1964.

21.4 RAPPORT DEPUTATE VIR DIE HERINDELING VAN DIE PARTIKULIERE SINODES (Artt.56, 211)

A. Ds. L.H. van Schaik stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Kerkregtelike Sake III.

C. Ds. R.J.P. du Plessis rapporteer namens die Kommissie.

D. RAPPORT:

1. Opdrag

1.1 *Handelinge Nasionale Sinode 1991:541, 22.20, D*

Die Nasionale Sinode word versoek om 'n herindelings van Partikuliere Sinodes met 'n moontlike herverdeling van Klassisgrense saam te doen.

1.2 *Handelinge Nasionale Sinode 1991:541, 22.21, D*

Dat die Nasionale Sinode 1991 'n herindelings van Partikuliere Sinodes se grense goedkeur en daarvoor die nodige reëlings tref.

1.3 *Handelinge Nasionale Sinode 1991:541-542, 22.21, E, 1*

Die Sinode gee gevolg aan die Beskrywingspunte van Part. Sinodes Noord-Transvaal en Noordwes. Dit beteken dat die grense van al die Part. Sinodes (ook Namibië) verander kan word.

1.4 *Handelinge Nasionale Sinode 1991:541-542, 22.21, E 3-6*

1. Die Sinode gee gevolg aan die Beskrywingspunte van Part. Sinodes Noord-Transvaal en Noordwes. Dit beteken dat die grense van al die Part. Sinodes (ook Namibië) verander kan word.

2. Die Sinode versoek eersvolgende Part. Sinodes om elk twee Deputate aan te wys om aan die Beskrywingspunte uitvoering te gee.

3. Die benoemde Deputate vergader so spoedig moontlik na die eersvolgende Part. Sinodes.

4. Die verslag van die Deputate se werk word in 1992 voor die Part. Sinodes gelê (Acta 1979, art.159).

5. Die Part. Sinodes rapporteer aan die Sinode 1994 verkieslik by wyse van 'n konsensusrapport voorberei deur die benoemde Deputate van die Part. Sinodes.

6. Part. Sinode Noordwes tree as sameroeper op.

1.5 *Handelinge Nasionale Sinode 1994:431-436, 6*

6.1 Die Nasionale Sinode benoem weer Deputate om aan die opdrag te voldoen met die volgende bykomende opdragte:

6.2 Die Deputate sal ook aanbevelings maak oor die afvaardiging van die heringedeelde Part. Sinodes.

6.3 Die Deputate sal ook aanbevelings maak oor die hoeveelheid Kuratore per heringedeelde Part. Sinodes.

6.4 Die Deputate sal ook aanbevelings maak indien daar aan Klassis-grense verander moet word.

1.6 *Handelinge Nasionale Sinode 1994:431-436, 7*

7.1 Die Deputate word weer saamgestel volgens die besluit Sinode 1991 (Acta:541, 22.21, E.2).

7.2 Die Deputate lewer Rapport aan Part. Sinodes 1995 en 1996 sodat 'n konsensusrapport voorgelê kan word.

7.3. Die Deputate moet alle relevante materie van Sinodes 1991 en 1994 hanteer.

7.4 Die interimreëling van deputering deur Part. Sinodes Noordwes en Namibië bly van krag tot Sinode 1997.

Besluit: Kennis geneem van pte.1.1 tot 1.6.

2. Werkswyse

2.1 Die Deputate is vir die eerste keer opgeroep om op 10 Junie 1996 te vergader. Die rede was dat die Deputate (wat gesprek voer met ander Nasionale Sinodes) eers 'n duidelike beeld moes kry wat aan die Nasionale Sinode 1997 gerapporteer sou word. Die genoemde Deputate se werk was steeds nie afgerond by Junie 1996 nie, en hierdie Deputate is tog opgeroep om 'n Rapport aan die Sinode 1997 op te stel (vgl. Rapport 1994, Acta:432, 2.2.1; Opdrag 1994 Acta:436, 7.3).

2.2 Op die Deputate-vergadering van 10 Junie 1996 was die Deputate van Namibië en Suidelike Part. Sinode nie teenwoordig nie (kyk ongepubliseerde briewe).

2.3 Die Deputate het al die materie en relevante sake soos in die Acta 1991 en 1994 weergegee, deeglik bespreek en tot die gevolgtrekking gekom dat:

1. Geen sinvolle herindelings nou gemaak kan word nie met die onsekere situasie oor Sinodes Middellande en Soutpansberg se inskakeling al dan nie

2. Alhoewel die staatkundige provinsiale grense neergelê is, dit andersyds nie 'n noodwendige herindelings volgens provinsiale grense moontlik sou maak nie, en andersyds tog wenslik sou wees veral vir onderwys en soortgelyke sake.

Motivering: Gauteng as provinsie kan nie een Part. Sinode wees nie, omdat getalle weereens 'n oneweredige verspreiding van kerke sou uitmaak.

2.4 Die Deputate het met die beskikbare gegewens wel besluit om aan opdragte (Acta 1994:436, 6.2 en 6.3) uitvoering te gee: dit word by die Sinode aanbeveel dat vir die afvaardiging na die Nasionale Sinode 2000 proporsioneel afgevaardig sal word, as interim-reëling totdat die herindeling van Part. Sinodes afgehandel kan word.

2.5 Die Deputate het die beginsel herbevestig dat 'n meerdere vergadering is 'n vergadering van **kerke** en nie van die ampte nie.

2.6 Die Deputate bevestig ook dat die plaaslike kerk die volle openbaring van bruid van die Here Jesus is, en dus ten volle **kerk** is.

2.7 Die plaaslike kerke se wisselende groottes, wat ook weer die volgens KO, art.30 'n saak vir die plaaslike kerk is, het vir die Deputate die volgende probleem na vore gebring:

Die kerk op die platteland met 150 lidmate is ten volle **kerk**.

Die kerk in die stad met 1 200 lidmate is ten volle **kerk**.

Maar met die huidige wyse van afvaardiging vaardig beide een predikant en een ouderling af na die Klassis as meerdere vergadering.

Dieselfde geld vir die meerdere vergaderings:

Die een Part. Sinode is 'n meerdere vergadering van 51 **kerke** (13 200 lidmate) die ander Part. Sinode is 'n meerdere vergadering van 58 **kerke** (32 150 lidmate) en elke Part. Sinode vaardig 16 predikante en 16 ouderlinge af na die Nasionale Sinode.

Om bloot dus 'n proporsionele afvaardiging - volgens die aantal **kerke** in 'n Part. Sinode - na die Nasionale Sinode te maak, is nog steeds onvoldoende. Die kerk met 1 200 lidmate, drie predikante, 40 ouderlinge kan net sowel 3 **kerke** wees, en die Part. Sinode se kerke word dan 61.

Die Deputate is dus van mening dat lidmatetal in die proporsionele afvaardiging 'n rol moet speel, en die gemiddelde is net op kerke nie, maar ook op lidmate se getalle bereken.

Besluit: Kennis geneem van pte.2.1 tot 2.7.

3. Aanbevelings

3.1 Die Part. Sinodes vaardig vir die Sinode 2000 proporsioneel af as 'n interim-reëling totdat die finale herindeling goedgekeur is.

Besluit: Afgekeur.

Motivering: Die opdrag aan die Deputate was om aanbevelings oor die afvaardiging van die heringedeelde Partikuliere Sinodes te maak (Acta 1994:431-436, pt.6.2). Die opdrag van die Nasionale Sinode is nie uitgevoer nie. Die aanbeveling (as interimreëling) dat na die Nasionale Sinode 2000 proporsioneel afgevaardig sal word, is formeel nie in orde nie omdat dit nie deel van die opdrag was nie.

3.2 Die proporsionele afvaardiging word bereken op sowel die hoeveelheid kerke as die lidmatetal in die ressort van die Part. Sinodes.

Besluit: Afgekeur.

Motivering: Die aanbeveling van proporsionele afvaardiging hou nie rekening met die herbevestiging deur die Deputate self van die beginsel dat 'n meerdere vergadering 'n vergadering van kerke is en nie ampte nie (vgl. ook KO, artt.41, 47 en 50). Proporsionele afvaardiging bring verder "die beginsel ten opsigte van oorheersing deur kerke" (KO, art.84) in gedrang. Proporsionele afvaardiging is daarom in stryd met die Kerkorde.

3.3 Die afvaardiging sal soos volg wees vir die verskillende Part. Sinodes:

	Ouderlinge	Predikante
Noord-Transvaal	24	24
Wes-Transvaal	18	18
Oos-Transvaal	17	17
OVS en Natal	14	14
Suidelike	14	14
Noordwes	7	7
Namibië	4	4
TOTAAL	98	98

(Die berekening word ongepubliseer aangeheg.)

Besluit: Afgekeur.

3.4 Daar word weer Deputate benoem met die volgende opdragte:

3.5 Die getal Kuratore per Part. Sinode tot met Sinode 2000 bly dieselfde as in die verlede.

3.6 Die Deputate word weer saamgestel volgens die besluit Sinode 1991, Acta:541, 22.21, E.2.

3.7 Die Deputate lewer Rapport aan Part. Sinodes 1998 en 1999 sodat 'n konsensusrapport aan Sinode 2000 voorgelê kan word.

3.8 Die Deputate moet alle relevante materie van Sinodes 1991, 1994 en 1997 hanteer.

3.9 Die interim-reëling vir deputering deur Part. Sinodes Noordwes en Namibië bly van krag tot Sinode 2000.

Besluit: Punte 3.4 tot 3.9 word goedgekeur.

3.10 Om 'n herindeling van Partikuliere Sinodes met 'n moontlike herverdeling van Klassis-grense saam te doen (Acta 1991:541, 22.20).

3.11 Die Sinode versoek eersvolgende Partikuliere Sinodes om elk twee deputate aan te wys om die indeling te behartig.

3.12 Die benoemde Deputate vergader so spoedig moontlik na die eersvolgende Partikuliere Sinodes met die Partikuliere Sinode Oos-Transvaal as sameroeper.

3.13 Die Rapport van die Deputate se werk word voor die Partikuliere Sinodes van 1998 en 1999 vir kommentaar voorgelê.

3.14 Die Partikuliere Sinodes rapporteer aan die Sinode 2000 deur die benoemde Deputate van die Partikuliere Sinode.

3.15 Die Deputate maak aanbevelings oor die afvaardiging van die heringedeelde Partikuliere Sinodes.

3.16 Die Deputate maak aanbevelings oor die hoeveelheid Kuratore per heringedeelde Partikuliere Sinode.

3.17 Die Deputate maak ook aanbevelings indien daar aan Klassis-grense verander moet word.

3.18 Hierdie Deputate moet skakeling hou met die Deputate Korrespondensie met ander Nasionale Sinodes.

Besluit: Punte 3.10 tot 3.18 word goedgekeur.

4. Rapport aan Part. Sinodes

Hierdie Rapport sal D.V. op die onderskeie sinodale vergaderings van die Part. Sinodes in 1996 dien, waarna die moontlike kommentaar in 'n Aanvullende Rapport aan u voorgelê sal word.

Besluit: Kennis geneem.

E. AANVULLENDE RAPPORT VAN DIE DEPUTATE HERINDELING VAN DIE PARTIKULIERE SINODES

1. Rapport aan Partikuliere Sinodes

Die Rapport soos in die Agenda vervat is aan alle Partikuliere Sinodes versend.

Besluit: Kennis geneem.

2. Kommentaar van Partikuliere Sinodes

2.1 Noord-Transvaal

Die Rapport word aanvaar.

2.2 OVS en Natal

Pte.1.1 - 7.4 - Kennis geneem.

Pt.2 Werkwyse - Kennis geneem.

Pt.3 Aanbevelings - 3.1 Goedgekeur: "Die Partikuliere Sinodes vaardig vir die Sinode 2000 proporsioneel af as 'n interimreëling totdat die finale herindelings goedgekeur is".

3.2 to 3.9 Aanvaar soos aanbeveel.

Pt.4 Kennis geneem.

2.3 Noordwes

1. Van die Rapport kennis geneem.

2. Kommentaar:

Die Part. Sinode Noordwes kan hom nie vereenselwig met die Rapport nie.

Motivering:

2.1 Die uitgangspunt van proporsionele afvaardiging blyk in stryd te wees met die beginsel van KO, art.84.

2.2 Die gebruik van proporsionele afvaardiging doen afbreuk aan die beginsel dat elke plaaslike gemeente 'n selfstandige kerk is.

2.4 *Suidelike Part. Sinode*

Die Part. Sinode het nie die Rapport ontvang nie.

2.5 *Oos-Transvaal*

1. Van die Rapport word in sy geheel kennis geneem.

2. Kommentaar:

2.1 Die opdrag van die Nasionale Sinode is nie uitgevoer nie.

2.2 Die bykomende (interim) aanbeveling is formeel nie in orde nie aangesien dit nie deel van die opdrag is nie.

2.3 Die inhoud van aanbeveling, in 2.3 genoem, verdien die volgende kommentaar:

'n Klassis is 'n vergadering van kerke, en nie ampte nie. 'n Partikuliere Sinode is 'n vergadering van Klassisse en 'n Nasionale Sinode is 'n vergadering van Partikuliere Sinodes (verwys KO, artt.41, 47 en 50). Daarom is proporsionele afvaardiging in stryd met die Kerkorde. Proporsionele afvaardiging bring die 'beginsel t.o.v. oorheersing deur kerke' (KO, art.84) in gedrang.

2.6 *Wes-Transvaal*

Van die Rapport word kennis geneem.

2.7 *Namibië*

Van die Rapport word kennis geneem.

Besluit: Kennis geneem.

3. Slot

Die Deputate spreek hulle dank uit teenoor die Partikuliere Sinodes vir die behandeling van die Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

21.5 BESKRYWINGSPUNT : PARTIKULIERE SINODE NOORD-TRANSVAAL OOR KERKE WAT HULLE NIE HOU BY BESLUITTE VAN MEERDERE VERGADERINGS NIE (Artt.54, 126)

A. Ds. J.P. Coetzee lig die Beskrywingspunt toe.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Kerkregtelike Sake II

C. Ds. W.J. Fourie rapporteer namens die Kommissie.

D. BESKRYWINGSPUNT

Die Partikuliere Sinode versoek die Nasionale Sinode 1997 om Klassisse op te skerp om seker te maak dat kerke in hulle betrokke ressort hulle hou by besluite van meerdere vergaderings volgens KO, artt.30, 31 en 46. Waar Kerke hulle nie hou aan besluite van meerdere vergaderings nie, word hulle daarvoor vermaan en tot orde geroep.

Besluit: Daar word nie gevolg gegee aan die Beskrywingspunt nie.

Motivering:

1. Onderlinge toesig tussen kerke word gereël deur KO, artt.41 en 44.
2. Volgens KO, art.30 hoort die saak wat die Beskrywingspunt vra tuis by 'n Mindere vergadering.
3. Die Nasionale Sinode sou sinodokraties optree deur gevolg te gee aan die Beskrywingspunt.

21.6 BESKRYWINGSPUNT : PARTIKULIERE SINODE NOORD-TRANSVAAL OOR PASTORALE BERADING (Art.53, 183)

A. Ds. J.P. Coetzee lig die Beskrywingspunt toe.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Kerkregtelike Sake I.

C. Ds. J.C. Erasmus rapporteer namens die Kommissie.

D. BESKRYWINGSPUNT

1. Beskrywingspunt

1.1 Kerke in kerkverband oordeel dat diegene wat in besondere ampte in plaaslike kerke dien en hulleself bekendstel as Pastorale Beraders binne en buite die plaaslike kerk nie ander ampsdraers of aspekte van ander ampsdraers se diens mag verdring nie, aangesien alle ampsdraers geroep is om die volledige pastoraat van Christus te bedien.

1.2 Kerke in kerkverband oordeel dat diegene wat hulleself bekendstel of bekend staan as Pastorale Beraders wat die pastoraat van Christus deur Woorddiens nie kerkklik bedien, teen die ordinansie van God handel, aangesien die Woorddiens (met al die konsekwensies daaraan verbonde) aan die kerk toevertrou is.

2. Ter sake beginsels

2.1 Pastoraat in die kerk is in wese die bediening van Christus se heerskappy en herderskap deur *Woordbediening*.

2.2 Om sy Woord te bedien, roep en bevestig Christus in die gemeente ampsdraers. Hierdie ampsdraers tree in Naam van

Christus amptelik op, dus gesagvol en diensbaar. Dit is hul Sender wat die ampsdraers se diens bekroon met vrug en seëninge deur die geheimenisvolle werking van die Heilige Gees. Die ampsdraers se "krag" is dus uit God.

2.3 Christus het drie ampte aan die plaaslike kerk gegee: ouderlinge, leraars en diakens (KO, art.2). Ampsdraers wat die pastoraat van Christus bedien, is geroep en bevestig om dit binne die grense van die plaaslike-grense te doen. Dit is daarom nie na behore om hierdie diens waarin hulle staan buite plaaslike-grense te adverteer en daarvoor vergoeding te vra nie. Advertering kom de facto neer op indringing in die diens van ander, terwyl die vra van vergoeding op simonie neerkom.

2.4 Onder Professionele Pastorale Beraders word -- soos dit neerslag vind in die "professie" van Pastorale *berading* -- verstaan: Die bediening van die Woord deur teoloë (kwalifikasie), in hul amp as gelowige (status), aan enigeen (objek), by wyse van gesprek (modus). Die gesprek maak ook gebruik van ander middele naas die Woorddiens (bv. oorreding, "counselling").

2.5 Wanneer kerke Pastorale Beraders (soos hierbo omskryf) in diens neem en daarvan 'n (selfstandige) diens **in** die plaaslike gemeente maak, word strydig gehandel met die beginsels onder 2.2 en 2.3 hierbo.

2.6 Indien Pastorale Beraders nie kerklik nie maar in 'n professie sou optree, sou dit hul goeie reg wees. Kerke moet egter goeie en nugter oordeel aanlê wanneer oorweeg word om van hierdie "professie" gebruik te maak - soos trouens met die gebruikmaking van enige ander professie. Onthou moet word dat die Woorddiens aan die kerk toevertrou is, en dat hierdie verantwoordelikheid nie verloën of verplaas mag word nie. Professionele Pastorale Beraders mag en kan ook nie die gestuurde ampsdraers van Christus verdring of vervang nie. Professionele Pastorale Beraders is byvoorbeeld nie in posisie om die "sleutels van die Koninkryk" te hanteer nie, en is nie onderworpe aan die toesig van die "kerkraad" van 'n kerk nie (vgl. NGB, artt.30-32). Daarby kan hierdie diens maklik ontaard in simonie. Pastorale Beraders is ook nie 'n geregistreerde professie, wat aan bepaalde norme en kwaliteite onderworpe is nie.

Besluit: Daar word nie gevolg gegee aan die Beskrywingspunt nie.

Motivering:

1. Volgens KO, art.30 is hierdie 'n saak wat in 'n Mindere vergadering afgehandel kan word.
2. Die roeping van Woordbedienaars is ordelik gereël in KO, artt.3 - 5, hulle versorging in KO, art.11 en hulle ampswerk in KO, art.16.
3. Die Sinode sal sinodokraties handel deur gevolg te gee aan die Beskrywingspunt.

21.7 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE WES-TRANSVAAL OOR KERKORDE, ART.31 (Artt.52, 127)

A. Dr. C.F.C. Coetzee lig die Beskrywingspunt toe.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Kerkregtelike Sake II.

C. Ds. W.J. Fourie rapporteer namens die Kommissie.

D. BESKRYWINGSPUNT

'n Nuwe paragraaf word ingevoeg ná paragraaf 1.d van die aantekeninge by KO, art.31 (op p.68 van die Kerkordeboekie). Hierdie paragraaf moet as volg lees:

"Indien 'n appellant (of toeliger) meen dat die getuienis of toeligting van enige getuie oor die tersaaklike appèl nodig is, rus die volgende verantwoordelikhede op die betrokke appellant (of toeliger):

* Nader self enige getuie en voorsien die nodige en relevante getuienis of inligting met betrekking tot die appèl (of toeligting)

* Maak seker dat alle gegewens en getuienis of toeligting vir die betrokke meerdere vergadering waarop die appèl sal dien, beskikbaar sal wees

* Die appellant stel waar moontlik (verkieslik 14 dae) voor die betrokke meerdere vergadering sy appèl, met uiteensetting van gronde, skriftelik ter beskikking van die Korresponderende Kerkraad/Deputate vir Korrespondensie (KO, art.45). Kyk Handeling Nasionale Sinode 1985, art.111.

Motivering van bogenoemde Beskrywingspunt:

Prosedurereëlins by appèlle behoort sover moontlik voorsiening te maak vir en diensbaar te wees aan verantwoordelike regspraak. Daarom moet daar geleentheid wees vir noodsaaklike getuienis en/of toeligting wat 'n appellant of toeliger ter ondersteuning of verduideliking van sy/hulle saak sou wou aanvoer of gebruik.

Besluit: Daar word gevolg gegee aan die Beskrywingspunt met die weglating van die derde punt.

Motivering:

1. Die huidige ordereëlins spreek nie die problematiek van verantwoordelikheid vir getuies aan nie.

2. Die Beskrywingspunt spel die verantwoordelikheid van appellante/toeligers duidelik uit.

3. Die derde punt van die Beskrywingspunt behoort reeds volgens die besluit van die Nasionale Sinode 1985, art.111, pt.3.2, p.525 in die Kerkordeboekie gevoeg te word.

21.8 BESWAARSKRIF SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE: VERKIESBAARHEID VAN VROUE IN DIE BESONDERE AMPTE/DIENSTE (Artt.33, 147)

A. Ds. A.J. du Plessis lig die Beswaarskrif toe.

B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Kommissie Beswaarskrifte.

C. Ds. J.P.B. van der Walt rapporteer namens die Kommissie.

D. BESWAARSKRIF

Hiermee dien Suidelike Partikuliere Sinode gehou te Colesberg op 26 November 1996, beswaar in teen die besluit van die 43ste Nasionale Sinode van die GKSA 1988 oor die verkiesbaarheid van die vrou in die besondere ampte/dienste (Acta 1988:507-523). Die Suidelike Partikuliere Sinode versoek die Nasionale Sinode om revisie van sy besluite te heroorweeg.

1. Formeel

Die Beswaar van Suidelike Partikuliere Sinode gaan meer in die besonder teen die besluit om die finale aanbevelings van die Deputaterapport en van die Kommissie van pre-advies wat voor die Sinode van 1988 gedien het, nie te aanvaar nie (Acta 1988:523). Die besluite handel oor:

1.1 Die aanbeveling van die Deputate dat die Sinode van die Rapport in sy geheel kennis neem en die kerke versoek om 'n studie daarvan te maak en terugvoering deur die Klassisse aan die Deputate te gee. Hierop besluit die Sinode: "Afgekeur".

In sy motivering vir die besluit stel die Sinode: "*Die hele aangeleentheid rakende die posisie en taak van die vrou in die kerk het aanvanklik as gevolg van adviesvrae van bepaalde kerke op die tafel van meerdere vergaderings gekom (vgl. o.a. Acta 1979:563, A.163; 564, A.164 en 165). Die Sinode oordeel dat dit nie raadsaam is om nou weer na die kerke te gaan om hulle advies te verkry oor hoe hulle dink dat hulle geadviseer moet word nie. Die Sinode behoort nou, na studie van ten minste nege jaar aan die hand van uitvoerige studiemateriaal, 'n duidelike Skrifgefundeerde uitspraak te lewer"*.

1.2 Die aanbeveling van die Deputate dat die Sinode Deputate benoem om verdere studie te doen oor:

(1) "*die karakter van die amp in die Nuwe Testament, veral in vergelyking met die karakter daarvan in die Ou Testament*";

(2) "*die moontlikheid van 'n afsonderlike diens vir ongetroude vroue in die lig van Skrif, Belydenis en Kerkorde*".

Hierop besluit die Sinode: "Punt 4.2 in sy geheel: Afgekeur" (Acta 1988:523, 4.2).

1.3 Suidelike Partikuliere Sinode onderskryf die hermeneutiese uitgangspunte soos van kennis geneem deur Sinode GKSA 1988 (Acta 1988:508-510), 3.1).

2. Materieel

Suidelike Partikuliere Sinode toon in hierdie Beswaarskrif aan dat die Sinode GKSA 1988 'n leemte en onbeantwoorde vrae gelaat het met sy besluit oor die plek van die vrou in die kerkdienste én dat dit gevolglik die besluit kon beïnvloed het.

Suidelike Partikuliere Sinode is van oordeel dat die besluit van die Sinode:

2.1 Voortydig was omdat dit uit die Deputaterapport self blyk dat daar nog onduidelikhede oor die saak is.

2.2 Nie op 'n goed-verantwoorde wyse met die Skrif omgaan in die finale beslissing wat geneem is nie.

2.1 *Beswaargrond 1*

Die Besluit was voortydig (prematuur) omdat dit uit die Deputaterapport self blyk dat daar nog onduidelikhede oor die saak is.

2.1.1 Die Sinode gaan van die veronderstelling uit dat hy na nege jaar studie in staat behoort te wees om 'n Skrifgefundeerde uitspraak te kan maak.

Ofskoon die Deputate wat intens met die studie gemoeid was (hipoteties), so kon aanbeveel, het hulle die meer versigtige weg opgegaan en nog verdere besinning, in die lig van hulle studie, aanbeveel. Ook die Kommissie wat tydens die Sinode die Deputaterapport moes beoordeel en die Sinode van pre-advies moes bedien, het by die Sinode aanbeveel om weer Deputate te benoem om "*verdere studie te doen*" (1988:523; vgl. 1.2 hierbo).

Die Deputate se behoefte aan verdere besinning blyk uit 'n "Slotsom" wat soos volg bewoord is: "*In Christus breek daar vir die verlore vrou 'n nuwe bedeling aan en verwerklik die Here sy oorspronklike bedoeling met die man en vrou deur die beeld van God in die mens te herstel. Die skopus van die Evangelie van Christus wys in die rigting dat vrouens deur God geroep en begiftig kan word om op besondere wyse in sy kerk te dien soos Hy dit goeddink*" (Acta 1988:519, 3.6.3). Hierdie heilshistoriese perspektief word in die Deputaterapport met Skrifgegewens sterk ondersteun (1988:512-513, 3.2.2.1.1 tot 3.2.2.1.3).

Die Sinode plaas egter die Deputate se "bevindings" tersyde deur van 'n argument op grond van "stilsweye" gebruik te maak en te besluit: "*In die Nuwe Testament is daar geen getuienis van 'n vrou wat as ouderling of Woordbedienaar opgetree het nie, ook nie by wyse van uitsondering nie, en dat niks meer as bloot bespiegel kan word oor die moontlikheid dat Febe 'n diaken sou wees*" (1988:519, 3.6.3).

Met betrekking tot die "Slotsom" van die Deputate, naamlik "*Nuwe-Testamentiese Skrifgegewens dui op die moontlikheid dat ten opsigte van die ongetroude vrou daar 'n afsonderlike besondere diens kon bestaan het*", besluit die Sinode (1988:520, 3.6.7) om dit af te keur deur op die verskil tussen eksegete te wys oor 1 Tim 3:11 en oor die werkwoord '*katalegesthai*' (1 Tim 5:9) wat oor die weduwees gebruik word.

Ofskoon ook die Kommissie wat die Beswaarskrif wat voor die Sinode van 1988 gedien het, aanbeveel het dat "*Die Sinode benoem deputate om verdere studie te doen oor*

(1) *die karakter van die amp in die Nuwe Testament, veral in vergelyking met die karakter daarvan in die Ou Testament;*

(2) *die moontlikheid van 'n afsonderlike besondere diens vir ongetroude vroue in die lig van die Skrif, Belydenis en Kerkorde*", besluit die Sinode "Afgekeur".

Die Sinode gee egter toe dat "*die voorgestelde studie kan van belang wees*" maar loop 'n moontlike bevinding vooruit deur te beweer dat dit "*in die lig van al die gegewens in die Deputaterapport en in die lig van die aanbevelings van u Kommissie nie 'n uitwerking (sal) hê op die besluit wat die Sinode met betrekking tot die vrou in die amp neem nie*" (Acta 1988:521, 3.6.8(2)).

Die Sinode neem hierdie besluit in weerwil daarvan dat die Deputate wat die saak in studie gehad het, sowel as die Kommissie wat die Sinode van pre-advies oor die Deputaterapport moes bedien, aanbeveel het dat verdere studie gemaak word. Daar kan geredeneer word dat dit die goeie reg van die Sinode is om so 'n besluit te kan neem. Dit is egter vreemd en onverantwoord dat die Sinode nie bereid is om die saak verder te ondersoek nie, aangesien die 'karakter' van die besondere dienste/amp te waaroor verder studie onder andere aanbeveel is - en waarby sake soos 'roeping', 'gawes', 'aard' en 'gesag' van die amp ter sprake kom - van wesentlike belang is in die beoordeling van die saak van die vrou in die besondere dienste.

2.1.2 Die Sinode het deur sy besluit om die saak nie verder in studie te neem nie, verhinder dat kerke en kerklike vergaderings in die hele kerkverband verder oor die Deputaterapport kon besin voordat tot 'n finale besluit geraak word. Dit is ook vreemd dat die studie met onbeantwoorde vrae beëindig is terwyl die saak van die posisie van die vrou ten opsigte van die dienste/amp te in 'n toenemende mate in die GKSA 'n brandende en aktuele vraag geword het. Getuie daarvan is onder andere die adviesvrae en beskrywingspunte van meerdere kerklike vergaderings (vgl. 1.1).

Die Suidelike Partikuliere Sinode maak beswaar teen die 'valbylbesluit' oor die vrou in die besondere dienste - "*hulle (vroue) hoef nie noodwendig in 'n besondere diens te staan nie*" (Acta 1988:522,

3.7.2). Toegegee, om God te dien, veronderstel nie noodwendig dat in 'n besondere diens/amp gestaan "hoef" te word nie. Die Sinodebesluit maak egter van "hoef nie" 'n totale verbod, naamlik "glad nie".

Suidelike Partikuliere Sinode maak beswaar dat, sonder om die moontlike resultaat van so 'n voorgestelde studie te verdiskonteer, 'n totaal-afwysende en finale besluit geneem word - naamlik "Afgekeur" - oor die aanbeveling van die Studiedeputate:

"In besondere omstandighede, wanneer dit noodsaaklik is, kan vroulike lidmate wat daarvoor besondere gawes van die Gees ontvang het, wel tot besondere dienste geroep word. Uitgaande van die gelykheidsbeginsel van dienste in die kerk sou hierdie roeping vir enige besondere diens geld" (Acta 1988:522, 3.7.4).

2.2 Beswaargrond 2

Die Sinode gaan nie op 'n goed-verantwoorde wyse met die Skrif om nie

Ten einde hierdie Beswaargrond te motiveer, kan 'n besluit wat soos volg aangeteken is, ontleed word. Die besluit: *"Dit blyk egter uit die Skrifgegewens dat vroulike lidmate nie in besondere dienste gestaan het nie as erkenning van die hoofskap wat God aan die man verleen het"* (1988:519, 3.6.5).

In hierdie besluit word 'n voorbeeld gegee van die wyse waarop die Sinode oor hierdie saak met die Skrif omgegaan het. As motivering word 1 Tim 2:11-14 aan die orde gestel. Daaruit sou blyk dat 'n rangorde benadruk word: die man is immers eerste geskep en die vrou het eerste gesondig. Hierdie posisie sou dan betrekking hê vir die besondere dienste.

2.2.1 Die Suidelike Partikuliere Sinode maak beswaar dat die saak van "besondere dienste" ingedra word in 1 Tim 2:11-14 en 1 Kor 14:33-35

Motivering:

1 Tim 2:11-14 saam met 1 Kor 14:33-35 is tradisioneel die vernaamste Skrifberoep om die vrou van die besondere kerkdienste uit te sluit. Hier staan geskrywe dat die vrou in die gemeente moet swyg. Hierby het die Nasionale Sinode 1988 ook aangesluit.

In genoemde Skrifdele word die vrou verbied om te "*onderrig*" en om "*oor die man gesag te voer*"; sy moet "*stil en onderdanig wees en haar laat leer*" (1 Tim 2:11-14; NAV 1992). In 1 Kor 14:33-35 "*moet die vrouens in julle byeenkomste stilbly, hulle word nie toegelaat om te praat nie. Hulle moet onderdanig wees ...*" (NAV 1992).

Volgens die Sinode 1988 word vrouens in hierdie uitsprake uitdruklik uitgesluit van die besondere kerkdienste. Paulus motiveer immers sy uitsprake oor die vroue met die verwysing na die feit dat Adam eerste gemaak is en die vrou eerste verlei is (1 Tim 2); en in 1

Kor 14:34 lui die motivering: "*Hulle moet onderdanig wees, soos die wet ook sê*". Enige argument dat heersende opvattinge van daardie tyd omtrent die posisie van die vrou ten opsigte van die man hier 'n rol speel, stuit op die '*skeppingsordinansie*' waarin die sekondêre posisie van die vrou vasgelê is, en wat haar van die besondere kerkdiens uitsluit - aldus die Sinode.

Sowel in 1 Tim 2:11-14 as in 1 Kor 14:33-35 is onmiskenbaar 'n samekoms-situasie aan die orde. In 1 Tim 2:8 gaan die mans voor in gebed terwyl die vroue stil moet wees (van hulle word immers verwag om ook in hulle kleredrag beskeie en ingetoë te wees, vs.9). Die vrou moet haar "*laat leer*" (*manthanein*: om informasie te verkry deur lering hetsy in formele of informele sin; Louw en Nida: *Greek-Lexicon of the New Testament Vol 1, 27.12*). Hulle word nie toegelaat "*om onderrig te gee*" nie (*didaskain*, "to teach"; Louw en Nida a.w. 33.224) met die uitdruklike verbehoud dat "teach" nie tot "merely classroom activity" beperk moet word nie. Deur ampte by te dink by "*laat leer*" en "*onderrig gee*", maak die Sinode klaar 'n keuse vir formele lering of amptelike lering.

Saam met die verbod op "*onderrig gee*" voeg Paulus kwalifiserend by: "*of oor die man gesag uit te oefen nie*" (NAV 1992). Die woord '*authentain*' word gebruik wat Louw en Nida (a.w. 37.21) vertaal met "control in a domineering manner" - spesifiek by hierdie teks. Idiomatiese ekwivalente is: "om vir iemand bevele te skree, of vir iemand te blaf" (vgl. Louw en Nida). In die lig hiervan is die formele "gesag uitoefen" van die NAV verdag, en verminder die geldigheid van die argument om hier aan amptelike kerklike gesag te dink.

Die "regering" in die kerk is "om toe te rus"; dit is leidend en bedienend, nooit heersend nie. '*Authentain*' is glad nie geskik om die wesenlike dienskarakter van die amp uit te druk nie (vgl. Mark 10:43, 44; 1 Pet 5:3). Wanneer Paulus net daarna - 1 Tim 3 - wel blykbaar oor besondere dienste skryf, gebruik hy *authentain* glad nie. Paulus gebruik wel by die "oudstes" (ouderlinge) woorde wat verband hou met leer, sorg dra, voorgaan (vgl. ook *kuberneses*, *prohistaminos*, *tupos*; vgl. Bylae GKSA-besluit 1988:106, 2.1.2.iii). Daarby ook nog: Hoe kan Paulus as hy "amp" in 1 Tim 2:11-14 in gedagte het met betrekking tot die vrou, net 'n paar sinne verder oor vroue skryf saam met ouderlinge en diakens en dieselfde inleidingswoorde ("*net so*") gebruik as vir die diakens?

Binne hierdie breë konteks kan nie as vanselfsprekend en onbetwisbaar afgelei word dat die apostel in 1 Tim 2:11-14 vroue uit die besondere diens (verseker) uitsluit nie, al lê hy vroue die swye op onder die besondere omstandighede wat daar geheers het. Met hierdie benadering kan 1 Tim 2:11 dus nie dien as 'n bewys vir 'n absolute swyg- en regeerverbod nie.

Ook in die geval van 1 Kor 14:33-35 word die "besondere dienste" ingelees. Paulus wil vrede en orde skep in die besondere samekomssituasie. Vir dié doel moet hy in drie gevalle mense tot "swye" bring: die talesprekers, as daar nie 'n interpreteerder teenwoordig is nie (vs.28); die profeet, om ook ander geleentheid te gee om te praat (vs.30); vroue, omdat hulle onderdanig moet wees en dit lelik (*aisgros*) vir 'n vrou is om in die gemeente te praat (vs.35), [soos dit ook lelik vir 'n vrou is om haar hare af te sny (1 Kor 11:6)]. Die vrede, orde en opbou van die gemeente is die hoofsaak hier, in besonder by samekomste.

Ons weet nie alles aangaande die verloop van sake in die samekomste van die gemeente (of kleiner groepe) in die Ou Kerk nie. Daar was klaarblyklik meer informaliteit en groter deelname van die lidmate (vgl. 1 Kor 11:5, 13; 14:16, 23, 24, 26). Die rede vir Paulus se uitsprake oor die swye van die vrou moet in hierdie rigting gesoek word. Vroue het kragtens hulle bevryding in Christus en hulle charisma verbaal deelgeneem aan die samekomste. Blykbaar het vroue op so 'n wyse opgetree dat die erkende prismaat van die man (erken deur Jode en heidene) onder druk gekom het. Spanning het ontstaan. In hierdie situasie, tot stigting van die gemeente, reël die apostel dat vroue moet swyg.

Omdat dit hier nie om 'n absolute verbod teen alle spreke van die vrou in die gemeente gaan nie, maar wel om 'n negatiewe vorm daarvan, kan die gedeelte nie as normgewend gebruik word om die vrou tot swye in die gemeente te dwing nie. Paulus reël in die genoemde tekste dus die gang van sake in die samekomste waar 'n bepaalde vorm van spanning ontwikkel het rondom die 'hoe' (en nie die 'dat') van vrouens se optrede. Daarom het Paulus die argument gebruik van Adam se skeppingsprismaat. Sodoende wou hy 'n probleem van spanning rondom verhoudinge oplos. Hy maak veral nie uitsprake oor "amp" nie.

Die "swyggebod" kan kwalik as 'n absolute verbod gelees word. Dit sou ook strydig met 1 Kor 11:2-16 wees en met die feit dat die hele gemeente met gawes van die Gees begiftig is (vgl. ook 1 Kor 14:31 se "almal"). Die libertinistiese vroue in Korinte het egter deur die vrye sê wat hulle vir hulleself in die gemeente toegeëien het, 'n dominerende rol in die gemeente begin speel (vgl. Den Boer, C. "Man en vrou in Bijbelse perspektief"; 1985:101). Haar manier van praat in die samekoms word in die Grieks met die woord "*lalein*" aangedui.

Die betekenis van "*lalein*" is 'n informele, ongeordende praterij (vgl. Bylae GKSA 1988:59, 7.6.2.3). Moontlik het van die vroue, gedryf deur 'n libertinistiese gees, die voorganger sommer met allerlei tussenwerpsels en vrae in die rede geval, en nie deur die mans laat stil maak nie. Hoe dit ook al sy, haar gepraat in die gemeente het nie

net die goeie orde versteur nie, maar was ook deel van haar verset teen die hoofskap van die man. Paulus se doel met 1 Kor 14:34-35 is dus nie soseer om die vrou absolute swye op te lê nie, maar veel eerder om enige spreke van die vrou waarby sy nie die hoofskap van haar man erken nie, te verbied.

Indien 1 Kor 14:34-35 so verstaan word, sluit dit geheel en al by 1 Kor 11 aan: die vrou word nie deelname aan die gemeentelike samekoms ontsê nie. Sy word toegelaat om in die gemeente te spreek, op voorwaarde dat sy dit op so 'n wyse doen dat sy daardeur haar man se hoofskap oor haar erken. Sy mag nie deur of in haar spreke probeer om oor hom te heers nie. Indien sy egter deur haar spreke die leiding by haar man probeer oorneem, word sy die swye opgelê.

As ons vandag die "swyggebod" moet toepas, letterlik soos dit daar staan, sal vrouens van talle aktiwiteite uitgesluit moet word. Die Sinodebesluit (1988) hanteer die "swyggebod" en wat daarmee saamgaan selektief deur dit onverantwoord op die "amp" van toepassing te maak en nie ook op die dinamiese uitoefening van charismata in die onderlinge verkeer van mans en vroue nie.

Paulus gee inderdaad motivering vir sy leiding deur te verwys na die feit dat Adam eerste gemaak is, daarna Eva (1 Tim 2:13) en dat die vrou onderdanig moet wees soos die wet ook sê (1 Kor 14:34). Hoe versigtig hierdie motivering gehanteer moet word, blyk uit bykomende redes wat die apostel gebruik:

* *"Dit is ook nie Adam wat verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat verlei het en die verbod oortree het"* (1 Tim 2:14).

* In Rom 5:12 e.v. is die *"een mens"* deur wie die sonde in die wêreld gekom het, die man!

* In die 1 Kor 11:2-16 verwys Paulus ook na die skepping by die vrou se erkenning van die man, maar kwalifiseer dit dan: *"In die Here is die man nie sonder die vrou nie, en die vrou ook nie sonder die man nie. Want soos die vrou uit die man is, so is ook die man deur middel van die vrou; maar alles is uit God"* (vs.11-12; vgl. ook 2.2.3).

* Die apostel gebruik ook ander argumente oor die verhouding man/vrou: *"Dit is lelik vir vroue om in die gemeente te spreek"* (1 Kor 14:35) en *"'n skande om haar hare te laat afsny"* (1 Kor 11:6); *"Is dit betaamlik (paslik) vir 'n vrou om sonder iets op haar kop in die erediens tot God te bid?"* (1 Kor 11:13). Hy voeg nog by: *"Die algemene opvatting ('phusis' - natuur) is tog dat dit vir 'n man nie eerbaar is om lang hare te dra nie, maar dat dit vir 'n vrou wel eerbaar is"* (1 Kor 11:14-15). Waarom so baie argumente as daar net één deurslaggewende rede - die 'skeppingsordinansie' - is? Het al die argumente eweveel gewig? Het sommige meer gewig (watter dan)? Is almal situasie-bepaald? Watter dan wel en watter nie?

Dit is dus inderdaad nie so maklik om uitgaande van 'n 'skeppingsordinansie' wat vroue se onderworpenheid/onderdanigheid sou leer, blywende Goddelike bepalings oor vroue in besondere dienste af te lei nie.

2.2.2 Die Suidelike Partikuliere Sinode maak beswaar dat "besondere diens" op so 'n wyse van "amp van die gelowige" onderskei word dat dit wesenlik iets anders word

Motivering:

Dit is belangrik om ag te gee op die aard en gesag van die amp. Dit is 'n opvallende feit dat die Nuwe Testament geen afsonderlike woord het vir wat ons "amp" noem nie. Vir die funksie van die "ampdraer" in die gemeente word dieselfde woord gebruik as vir die funksie van elke afsonderlike lidmaat, naamlik '*diakonia*' (diens). Terwyl begrippe soos *timè*, *archè* en *telos* wat in die Griekse wêreld vir politieke en godsdienstige owerhede gebruik word, in die Nuwe Testament sorgvuldig vermy word, het die woord *diakonia* vir Griekse ore 'n vernederende konnotasie.

Van fundamentele belang vir die regte verstaan van die amp, is dan ook dat die gesag van die amp nie verwar moet word met heerskappy (2 Kor 1:24) of baasspeel (1 Pet 5:3) nie. Wat van elke lidmaat geld, geld ook (veral) die ampte: "*By nasies is dit so: konings speel oor hulle baas, en die wat gesag afdwing, laat hulleself weldoeners noem. Maar by julle moet dit nie so wees nie. Inteendeel, die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos die een wat dien*" (diakòn, Luk 22:25; vgl. Mark 10:42-44). Daarom bestaan daar nie alleen geen hiërargie tussen die ampte onderling nie, maar ook nie tussen amp en gemeente (tussen "besondere amp" en "amp van die gelowige") nie. Die verskil tussen die amp en die charisma (van elkeen) is nie prinsipieel nie, maar funksioneel.

Alle ampswerk is gefundeer in die amp van Christus. Daarom ontleen die amp sy diakonia-karakter. Die Seun van die mens het immers nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien (Mark 10:45) soos blyk wanneer Hy sy dissipels se voete was (Joh 13:2-17), maar veral wanneer Hy Homself verneder aan die kruis.

Dieselfde geld van alle ampsmag. Die amp is geen voortsetting van Christus se offer nie, maar is juis gefundeer in sy volbragte versoening. In die gemeentelike diakonia word die vrug van Christus se offer uitgedeel. In woord en daad word die volbragte versoening bedien (2 Kor 5:18). Die gesag van die amp is gefundeer in die Woord. Die amp kan nooit onafhanklik naas die Woord funksioneer nie, want Christus self regeer sy gemeente deur middel van die Woord. Die gesag van die amp is nie 'n onafhanklike gesag nie, maar is gebonde aan Christus aan wie alle mag in hemel en op aarde gegee is (Matt 28:18). Hy is Hoof van sy gemeente (Ef 1:22). In die kerk

is daar net één gesag, en dit is die gesag van Christus. "*De regering der kerk is monarghaal*" (H. Bouwman in: Gereformeerde Kerkrecht 1:347).

Die gesag van die ampsdraer (diaken, ouderling, predikant) is dus nie geleë in die persoon (man of vrou) nie, of kragtens die persoon nie, maar in Christus en sy Woord wat dan deur die betrokke dienaar uitgedra en bedien word.

Die Rapport en die besluite van die Sinode erken deurgaans dat die vrou net soos die man deur Christus begaafd is, en dat geeneen se aktiewe aanwending van die gawes verhinder mag word nie (Ef 4:16; 1 Kor 12:21). Dit beteken dat vroue (ook getroude vroue) se gawes aktief in die gemeente aangewend is (1988:514, 3.2.2.2.2).

Soos hierbo beredeneer, is daar volgens die Skrif geen prinsipiële onderskeid tussen amp en charisma nie, wel 'n funksionele verskil. Charisma hoort tot die basiese aard van die gemeente (1 Kor 12-14; Rom 12:1-8; 1 Pet 4:10-11). Ook die "besondere diens", soos die kerk dit in die loop van die geskiedenis begin aandui het, is wesenlik charisma en kan nie sonder die charisma bestaan nie (H. Ridderbos in *Ex Auditū Verbi*:208).

Alle charisma is diens (dit sluit die sg. "besondere diens" in) en verteenwoordig Christus as sodanig (vgl. 1 Kor 12:1-4; Ef 4:10-11; 2:20). Veral in 1 Pet 4:10-11 is hier van belang. Hier is sprake van elkeen se ontvangende gawes: "*As iemand die gawe ontvang het om te spreek, moet God deur hom aan die woord kom, en as iemand die gawe ontvang het om te dien, moet dit geskied uit die krag van God*".

Kan hier "in die Naam van die Here" gesê word dat met "*iemand*" net mans bedoel word? Ons moet aanvaar dat vroue ook spreekgawes ontvang het, net soos diensgawes. Daar is oorfloedige voorbeelde daarvan. Die Deputaterapport som 'n aantal voorbeelde op (1988:514, 3.2.2.2.3) wat met verskeie aangevul kan word, byvoorbeeld:

* Die vermelding van talle vroue in die NT wat betrokke was in die verspreiding van die Evangelie, bv. die vroue wat in opdrag van die opgestane Jesus Christus die eerste verkondigers (predikers) van die opstanding was (Matt 28:7-8; Luk 24:10).

* Die profetiese optrede van vroue in die gemeente soos in Hand 21:9; Filippus se profetes-dogters (Hand 21:9; 1 Kor 11:5).

* Die openbare optrede van vroue in die rol van leiersfigure en profetesse in die OT, bv. Miriam, Debora, Gulda en Anna (wat as vroulike teenhanger van Simeon optree).

* Die vermelding van vroue in aktiewe diens wat in Rom 16:1 e.v., Hand 18:26, Fil 4:2 e.v. genoem word.

Wanneer die Sinode met hierdie Skrifgegewens werk, word veronderstel dat "die amp van die gelowige" hier ter sprake is en nie

die "besondere amp" nie. Dit kom daarop neer dat Christus Hom net deur "die besondere amp" wil laat verteenwoordig wat net vir mans beskore sou wees. Met hierdie afleiding - gebaseer op die hoofskap van die man - word "amp" gelaai met begrippe en inhoud soos status, mag, aansien. "Besondere diens" verkry nou 'n elite-posisie bo die gemeente terwyl dit self in die gemeente 'n dienende funksie het (vgl. H.N. Ridderbos in: *Gezag en Ambt*:165-166; Calvin *Institusie*, Boek IV). Op voetspoor van Christus self is wat ons vandag "amp" noem, niks meer as selfverloënde diens nie. Geen amp is heersend nie. Elke "amp" is bediening van Christus. Enige byvoegsel van "hoër posisie" a la manlike primaat lei tot korrupsie van die inherente dienskarakter van die amp en charisma.

Dit is dus 'n legitieme vraag of dit nie 'n teologiese konstruksie en 'n veronderstelling is om te aanvaar dat die uitsluiting van die vrou uit die besondere dienste direk voortvloei uit Bybel-uitsprake oor die hoofskap van die man in die huwelik. Dat hierdie hoofskap ter sprake gekom het in situasies waar mans en vroue in die samekomste opgetree het, is wel 'n feit. Maar beteken dit dat Christus Hom nie in sy bediening deur vroue wil laat verteenwoordig nie omdat sy die sogenaamde mindere van die man is nie?

2.2.3 Die wesenlike verandering wat die Nuwe verbond of eskatologiese aard van die kerk vir die vrou gebring het, word nie verdiskonteer nie

Die Deputaterapport het ruim aandag gegee aan die "*verreikende implikasies vir die plek van die vrou in die kerk*" wat meegebring is deur die versoeningsdood en opstanding van Jesus Christus (1988:512, 3.2.2.1.1). Die volgende word onder andere genoem:

* Deur sy kruisdood herstel Hy die beeld van God in die mens wat by die sondeval verbreek is, en eweneens die verhouding tussen man en vrou wat ook met die sondeval verbreek is.

* Daar breek in Christus vir die vrou 'n nuwe vryheid aan:

* sy is deur Christus se verlossingswerk bevry van diskriminerende verskille en in Christus met die man gelykwaardig (Gal 3:26-28);

* sy word in Christus 'n nuwe skepping (2 Kor 5:17);

* sy word mede-ontvanger van die Heilige Gees (Hand 2:18);

* sy is medelidmaat van die gemeente (Hand 1:14; Gal 3:28);

* sy is mede-ontvanger van die heilige doop (Hand 16:15);

* sy is mede-deelnemer aan die gemeenskaplike maaltyd van die Here (Hand 2:42, 46);

* sy is mede-arbeider in die gemeente (Rom 16);

* sy is mede-ontvanger van die gawes van die Gees (1 Kor 12);

* sy is mede-erfgenaar van die genade (1 Pet 2:7).

In die lig van bogenoemde maak die Deputaterapport die gevolgtrekking: "*Inderdaad wys die skopus van die evangelie van Christus dus op die algehele gelykwaardigheid van man en vrou in*

die kerk" (1988:513). Wanneer egter gevolgtrekkings oor "besondere dienste" gemaak word, gee die konsep van manlike hoofskap die deurslag en word dit onkrities op die plek van die vrou in die gemeente oorgedra. Die gevolgtrekking is telkens dat hierdie gegewens nie bewys dat die vrou in die "amp" toegelaat mag word nie, wel dat vroue in die "amp van die gelowige" volledig hulle rol kan speel.

Deur die hele 'vraagstuk' van die posisie van die vrou in die kerklike dienste te beantwoord met 'n beroep op die "swyggebod" en die skeppingsprimaat van die man, word hiermee 'n relevante beginsel van die Gereformeerde tradisie ter syde gestel, naamlik dat daar nie 'n sentrale of verneme leerstuk op 'n enkele vers gebou moet word met eksplisiete uitsprake, veral nie as die vers eksegetiese probleme bevat nie. Lig moet dan by ander gedeeltes opgesteek word ten einde die bedoeling van die gedeelte nader vas te stel (*Sacra Scriptura sui ipsius interpres*).

Daar is duidelike Skrifgegewens dat die sg. '*skeppingsinstelling*' van manlike hoofskap in die gemeente van die eskaton (eindtyd) grondig gerelativeer word. Naas die opdrag aan die vrou om aan die man onderdanig te wees, volg ook die opdrag om terwille van Christus aan mekaar onderdanig te wees (Ef 5:21). As Paulus in 1 Kor 11:2-16 oor die hoofbedekking en hoofskap handel, word die vroue wel gemaan om die man se hoofskap te eerbiedig. Hy vervolg egter: "*Maar tog, in die Here is die man nie sonder die vrou nie en die vrou nie sonder die man nie*". Die relativisering lê opgesluit in die kwalifiserende "*maar tog*". "*In die Here*" hou verband met die nuwe posisie wat met Christus se koms ingetree het. Die apostel voeg nou by die argument dat die vrou uit die man kom, die relativiserende: "*so kom die man deur die vrou in die wêreld*" (vs.12).

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word: Vanweë die relativisering wat die eskatologiese aard van die Evangelie meebring, moet die manlike hoofskap, in die sin van die skeppingsinstelling, nie in 'n absolute sin verstaan en toegepas word nie.

Galasiërs 3:28 is hierby 'n kernuitspraak. Die gedeelte (Gal 3:21-29) word beheers deur die "*maar nou dat die geloof gekom het*" (vs.25). Hierdie "*nou*" is die tyd waarin die geloof in Christus volle bevryding van sonde en wet bring. "*Julle almal*" is nou kinders van God en erfgename. Die skerp onderskeiding van Jood en Griek (volksmatig), slaaf en vryman (sosiaal) en man of vrou (geslagtelik) maak nie saak nie. Almal is een. Paulus voer daarmee nie die afskaffing van slawerny in nie (vgl. Kol 3:22-4:1), net soos hy nie vroue oproep om die manlike juk af te gooi nie. Maar net soos hy slawerny van binne uithol deur op die nuwe posisie in Christus van slaaf en eenaar te wys, word die hoofskap van die man en die

onderdanigheid van die vrou evangelies gekwalifiseer sodat die vrou werklik vry is.

'n Voorbeeld waar die swaartepunt van die benadering van die vrou in die amp verskuif word van die tradisionele tekste na die algemene Skrifgegewens en teologiese oorwegings, kry ons by John R.W. Stott ("Issues Facing Christians Today", 1990:276). Hy kom, nadat hy die Skrifgegewens soos hierbo oorweeg het, tot die volgende gevolgtrekking: *"It is true that all the biblical examples in the preceding paragraph are of women's ministries which are either 'charismatic' rather than 'institutional' (i.e. appointed directly by God, like the prophetesses, not by the church, like presbyters) or informal and private (like Priscilla teaching Apollos in her home) rather than official and public (like teaching during Sunday worship). Nevertheless, if God saw no impediment against calling women into a teaching role, the burden of proof lies with the church why it should not appoint women to similar responsibilities".*

As die Skrif dan nie 'n duidelike en eksplisiete uitspraak gee oor die vrou in die besondere dienste/ampte nie (nie 'vir' en nie 'teen' nie), is dit 'n legitieme vraag of 'n Sinode so ver mag gaan om "in die Naam van die Here" 'n totale verbod daarop te plaas dat die vrou in die besondere kerklike dienste/ampte mag dien.

2.3 Versoek

Suidelike Partikuliere Sinode versoek die Nasionale Sinode dat die vraagstuk oor die vrou in die besondere kerkdienste nie meer eensydig beoordeel word vanuit twee Skrifdele waar na 'swye' wat die vrou opgelê word, verwys word nie (1 Tim 2 en 1 Kor 14). Hierdie versoek behels dat die talle gegewens in die Skrif waar na intensiewe vrouedienste verwys word - en waarna breedvoerig in die Deputaterapport (1988) en in hierdie Beswaarskrif verwys word - 'n regmatige plek kry in die hermeneuse en in die uiteindelijke besluit verdiskonteer word. Dit hou in dat meer krities gekyk sal moet word na die afleiding dat 1 Tim 2 en 1 Kor 14 so direk op die ampsbeskouing ten opsigte van die vrou betrek kan word.

Op grond van hierdie beswaar versoek Suidelike Partikuliere Sinode revisie van die besluit van GKSA (1988:523, 4.2) naamlik om nie verdere studie te doen nie oor "die karakter van die amp in die Nuwe Testament, veral in vergelyking met die karakter daarvan in die Ou Testament".

Besluit: Die Beswaarskrif word na Studiedeputate verwys om die volgende Sinode daarvoor te adviseer.

Motivering: Die Sinode is van oordeel dat weens tydsgebrek en die omvang van toetsing van die eksegeese van die beswaardes en die Sinode, dit nie moontlik is om staande hierdie Sinode tot 'n weldeurdagte en gemotiveerde aanbeveling te kom nie.

21.9 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE NOORD-TRANSVAAL - EKSEGETIESE GRONDE VIR DIE VROU IN DIE BESONDERE DIENSTE (Artt.51, 222)

A. Dr. N.P. Heystek lig die Beskrywingspunt toe.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Beswaarskrifte.

C. Ds. J.B. du Plessis rapporteer namens die Kommissie.

D. BESKRYWINGSPUNT

1. Beskrywingspunt

1.1 Die Nasionale Sinode word versoek om aan sy Deputate vir Korrespondensie met buitelandse Kerke opdrag te gee om op grond van relevante Sinodebesluite in gesprek te tree met die Kerke met wie ons in korrespondensie staan oor ooreenkomste en verskille wat daar mag bestaan oor die toelating van vroue tot besondere diens.

Dat ingegaan word op die vraag hoe moontlike verskille in die verband ons kerklike eenheid raak.

2. Motivering

2.1 Die toelating van vroue in die besondere ampte kan 'n saak wees wat kerklike eenheid raak en behoort dus op meerdere vergaderings tuis (KO, art.30).

2.2 Indien Skrifuitleg en toepassing verskil, kom kerklike eenheid in gedrang en moet volgens Matteus 18 en Titus 3:10 met die betrokkenes in gesprek getree word.

2.3 Kragtens korrespondensie kan die plaaslike kerk leraars wat in die kerke ordelik toegelaat is (wat by die CRC vrouens insluit) beroep en word attestasie van die kerke ook erken.

Besluit: Daar word gevolg gegee aan die Beskrywingspunt op die volgende wyse:

1 Die Sinode benoem Deputate (dieselfde Deputate wat die opdrag het om die Beswaarskrif van Suidelike Part. Sinode oor die verkiesbaarheid van die vrou in die besondere dienste/ampste in studie te neem) met die volgende opdrag:

1.1 Om die relevante besluite van Sinodes van die GKSA in verband met bogenoemde sake te vertaal en d.m.v. die DKBK te stuur aan kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan.

1.2 Om die relevante besluite van kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan d.m.v. die DKBK aan te vra, te bestudeer en die ooreenkomste en verskille aan die Sinode uit te wys.

1.3 Om die Sinode te adviseer oor die implikasies wat die verskille het vir kerklike korrespondensie.

Motivering

1. Die toelating van vroue in die besondere ampte kan 'n saak wees wat kerklike eenheid raak en hoort dus op meerdere vergaderings tuis (KO, art.30).
2. Indien Skrifuitleg en -toepassing verskil, kan kerklike eenheid in gedrang kom en moet volgens Matt 18 en Titus 3:10 met die betrokkenes in gesprek getree word.
3. Kragtens korrespondensie kan die plaaslike kerk leraars wat in die kerke ordelik toegelaat is (wat by die CRC vrouens insluit) beroep en word attestasie van die kerke ook erken.

21.10 PARTIKULIERE SINODE NOORD-TRANSVAAL:
GRAVAMEN TEEN BESLUIT VAN NASIONALE SINODE 1973
INSAKE TOELATING TOT DIE DIENS VAN DIE WOORD NA
AFSETTING (Artt.108, 174)

- A. Ds. R.M. van der Merwe lig die Gravamen toe.
- B. **Besluit:** Die Gravamen word verwys na Kommissie Kerkregtelike Sake I.
- C. Ds. L.S.D. du Plessis rapporteer namens die Kommissie.

D. GRAVAMEN

1. Besluit

Kyk die volledige besluit op Bylae 1 - uit die Acta 1973:317-318.

Opmerking

Die gravamen handel hoofsaaklik oor art.3.2.2.4 van die besluit en in besonder oor die tweede sin: "Die prosedure genoem in 3.2.2.2 (c hierbo) geld ook van predikante wat onder KO, artikels 12 of 79 uit die amp is".

2. Agtergrond

2.1 Die besluit van 1973 (waarteen die gravamen gemik is) handel oor watter weg tot beroepbaarstelling gevolg moet word nadat 'n predikant "bedank" het (vgl. Bylae 1). Daar word (terloops) genoem dat dieselfde prosedure tot beroepbaarstelling gevolg kan word na afsetting.

2.2 Behalwe hierdie verwysing na 'n prosedure tot beroepbaarstelling na afsetting, bestaan daar geen reëling vir toelating tot die diens van die Woord na afsetting nie. Tewens, sodanige reëling ontbreek sedert 1586 in kerkordes van die Reformasie (Visser, 1989:562).

2.3 Partikuliere Sinodes hanteer toelating tot die diens van die Woord verskillend met 'n beroep op hierdie deel van die besluit van 1973 (vgl. Bylae 3).

Besluit: Kennis geneem van pte.1 en 2.

3. Gronde vir Beswaar

3.1 Die (terloopse) verwysing na KO, art.79 pas nie in die konteks van die bespreking en besluit oor die weg terug na die amp na "bedanking" nie. Kerkorde artikels 78 en 80 is tugartikels met 'n totaal ander aard as KO, art.12 en "bedanking" uit die diens.

Motivering:

"Bedanking" uit die diens van die Woord het 'n eiesoortige effek en problematiek wat die prosedure van die toelating tot die diens van die Woord uniek maak, soos blyk uit die Rapport van die Studiedeputate (Bylae 4). Hierteenoor word die aard van die ampstug (KO, art.79) nêrens behandel nie.

Handelingswyses (soos om vas te stel of daar na "bedanking" gewes soos roepingstrou; selfverloëning; en volharding teenwoordig is) beklemtoon maar net dat toelating tot die diens van die Woord na "bedanking" aan die orde is (soos tewens die opdrag is in Bylae 4 bepaal). Hierdie gewes is noodsaaklik om te verhoed dat daar weer maklik tot "bedanking" uit die amp teruggeval kan word.

Hoewel "bedanking" uit die amp in sekere gevalle neerkom op ontduiking van die ampstug, kan KO, art.79 nie by nabaat toegepas word nie, nog in dieselfde kader geplaas word wanneer toelating tot die diens van die Woord ter sprake is.

Besluit: Daar word nie gevolg gegee aan die eerste beswaargrond nie.

3.2 Die (terloopse) insluiting van KO, art.79 verreken nie die depositio maior wat in sekere gevalle onder KO, art.79 na vore kom nie (vgl. Visser, 1982:561 en Spoelstra, 1989:444).

Motivering:

Sinode 1973 het 'n prosedurebesluit oor toelating tot die diens van die Woord na "bedanking" geneem, maar geen beginselbesluit oor toelating na afsetting nie. Voetius (1676:868) se onderskeiding van depositio minor en depositio maior beredeneer dat daar sekere sondes is wat "onherroeplik" is en toelating onmoontlik maak. Ander kerkregtelikes laat hulle baie versigtig oor die moontlikheid uit, hoewel prinsipiële verantwoordings totaal ontbreek (vgl. Bylae 3). Vir eeue ontbreek 'n reëling hieroor in Kerkordes (ook in die GKSA). Geen duidelike beginselbesluit hanteer hierdie probleem nie, en geen kerkregboek handel oor hierdie ingewikkelde probleem nie. Die insluiting van KO, art.79 sonder prinsipiële begroning bly 'n gebrek by hierdie besluit.

Besluit: Daar word nie gevolg gegee aan die tweede beswaargrond nie.

3.3 Die Skrif stel soveel vereistes om 'n Bedienaar van die Goddelike Woord as geroepene uit te ken, dat die Sinode alleen na gedeë Skrifstudie kan bepaal **of en in watter gevalle** dienaars wat afgesit was, weer aansoek mag doen om beroepbaar gestel te word.

Motivering:

Daar is nog nie genoegsame studie gedoen om met gesag van die Woord iemand na afsetting tot die diens van die Woord toe te laat, en voorwaardes daarvoor aan te stip nie.

Vereistes, soos 1 Tim 3:1-7; Tit 1:6 en 7 en 1 Pet 5:3 vir 'n ampsdraer, dui die erns waarmee die Here die diens van sy Woord bejeën. Kan aan die ander kant, met bv. oppervlakkig 'n beroep op Dawid of Petrus (Bylae 3), hierdie vereistes van die tafel gegee word?

Besluit: Daar word nie gevolg gegee aan die derde beswaargrond nie.

3.4 Die beginsel in Acta 1973:318, 3.2.2.5 sal duideliker omlin moet word, anders is dit vandag in praktyk moontlik vir enigeen - selfs na die grofste openbare sondepleging - om hom op presedente te beroep; 'n "geen beswaar" by vorige kerkrade te kry, (moontlik omdat hy weg is) en weer tot die diens van die Woord toegelaat word.

Motivering:

Die soms teenstrydige besluite op Part. Sinodes oor die afgelope jare is 'n bewys daarvan dat onduidelikheid oor prinsipiële besinning 'n steeds groter wordende probleem is.

So is afgesettesnes toegelaat om te proponeer na afsetting nadat slegs bevestiging van berou, gesteun deur die betrokke kerkrade, as prosedure kragtens die 73-besluit afgehandel is. In gevalle is die saak van afsetting (of dit moontlik op depositio maior sou dui) of eksaminering (kragtens KO, art.4) nie behandel nie (vgl. Bylae 3).

Besluit: Daar word nie gevolg gegee aan die vierde beswaargrond nie.

4. Versoek

Die Sinode oorweeg die volgende indien aan hierdie gravamen gevolg gegee word:

4.1 Die verwysing na KO, art.79 word uit pt.3.2.2.2 geskrap.

Besluit: Nie gevolg gegee nie.

4.2 Toelating tot die diens van die Woord na afsetting kragtens KO, art.79 word de novo en op sigself bestudeer.

Besluit: Aan punt 4.2 word gevolg gegee op die volgende wyse: Hierdie baie belangrike en sensitiewe saak van studie is in terme van KO, art.30 (in lyn met die begrip "gedeë Skrifstudie" in beswaargrond 2) 'n saak vir die Mindere vergaderings wat die saak langs die kerklike weg kan hanteer.

21.11 PARTIKULIERE SINODE OOS-TRANSVAAL: VERSOEK TOT REVISIE - KERKORDE, ARTIKEL 25 (Artt.50, 136)

A. Ds. J.P. Bingle lig die Versoek toe.

B. **Besluit:** Die Versoek word verwys na Kommissie Kerkregtelike Sake II

C. Ds. W.J. Fourie rapporteer namens die Kommissie.

D. VERSOEK

1. Die Partikuliere Sinode Oos-Transvaal het op sy vergadering van 26 November 1996 besluit om die volgende versoek tot revisie van KO, art.25 aan die Nasionale Sinode te rig.

Besluit: Kennis geneem.

2. Na goedkeuring word u versoek om dit deur te stuur na die Algemene Sinode.

Besluit: Goedgekeur.

3. Voorgestelde revisie

Die amp van die diakens is om sorg te dra dat die gemeente hulle eenheid in Christus in daadwerklike onderlinge liefde beoefen. Hulle opdrag is om almal in die gemeente te besoek en uit die Skrif toe te rus en aan te spoor tot daadwerklike liefde teenoor almal, in besonder teenoor die medegelowiges; verder sien hulle toe dat niemand om watter rede ook al van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie. Die liefdesgawes moet sorgvuldig ingesamel, met wysheid bestee en met vertroosting uit die Skrif uitgedeel word. Die diakens doen in die kerkraad verslag van hulle werksaamhede en, indien verlang, ook voor die gemeente soos wat die kerkraad dit geskik ag.

Besluit: Die Sinode keur die Revisie goed. Die besluit word deurgegee na Sinodes Middellande en Soutpansberg.

4. Verduideliking van die voorgestelde revisie

4.1 *Reëls waarvolgens die KO-artikel gewysig behoort te word*

Die KO-artikel oor die diakenamp behoort na die mening van die Partikuliere Sinode Oos-Transvaal aan die hand van die volgende reëls gewysig te word:

* Die KO-artikel en die Bevestigingsformulier vir diakens asook Sinodebesluite wat tevore in verband daarmee geneem is, behoort materieel met mekaar ooreen te kom (Acta 1982:468/469, 1.1.8).

* Die gewysigde KO-artikel behoort formeel, wat bewoording en styl betref, in lyn te wees met die res van die Kerkorde, spesifiek met artikel 16 oor die ampswerk van die bedienaars van die Woord, en met artikel 23 oor die ampswerk van die ouderlinge.

* By die wysiging van die artikel is dit sinvol om ondersoek in te stel na die bewoording van soortgelyke artikels in die Kerkordes van Gereformeerde Kerkverbande in ander wêrelddele.

4.2 *Die Bevestigingsformulier oor die ampswerk van die diaken*

Die Formulier vir die bevestiging van diakens gee die volgende opsomming van die ampspligte van die diaken:

- a) Diakens word geroep om sorg te dra dat die gemeente hulle eenheid in Christus in daadwerklike onderlinge liefde beoefen.
- b) Diakens moet toesien dat die gelowiges aan almal goed doen, sodat die liefde van Christus op hierdie wyse openbaar kan word.
- c) Diakens moet almal in die gemeente besoek en aanspoor om daadwerklike liefde teenoor hulle medegelowiges en alle mense te bewys.
- d) Deur elkeen te besoek, moet die diakens sorg dra dat nie een lidmaat deur armoede, eensaamheid, ouderdom, siekte of om ander redes van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie.
- e) Diakens moet die middele (wat gegee word tot die diens van die wat in nood verkeer) sorgvuldig beheer, met wysheid bestee en met vertroosting uit die Skrif uitdeel.
- f) Sodoende moet die diakens Christus, die medegelowiges en alle mense dien, die gemeente tot diens toerus en die liefde van Christus tot verheerliking van God in die wêreld laat skitter.

Die huidige artikel 25, KO lui soos volg:

"Die eintlike amp van die diakens is om die liefdesgawes in geld en goedere wat aan die armes gegee word, nougeset te versamel en dit met gesamentlike oorleg getrou en vlytig uit te deel volgens die eis van die behoefte aan sowel die behoeftiges in die gemeente as aan ander; en verder om die wat in nood is te besoek en te vertroos en om goed toe te sien dat die gawes nie misbruik word nie. Die diakens moet in die kerkraad verslag doen van hulle werksaamhede en indien verlang, ook voor die gemeente wanneer die kerkraad dit geskik ag."

In hierdie redaksie word slegs drie van die ses elemente uit die Bevestigingsformulier verwoord: c, d en e. Die ander drie kom glad nie ter sprake nie. 'n Element wat wel in die KO-artikel voorkom, maar nie in die Bevestigingsformulier nie, is die reëling in verband met verslaglewering in die kerkraad en - indien die kerkraad dit geskik ag - aan die gemeente.

4.3 Die styl van die Kerkorde

In verband met die styl van die Kerkorde skryf B. Spoelstra in *Handleiding by die Kerkorde* (1965:13) dat die Kerkorde "'n beginsel neerlê en veronderstel dat die beginsel en gees van orde begryp sal word en verskillende situasies daarvolgens op meriete behandel sal word. 'n Reglement daarenteen, skryf 'n presiese handeling voor, sê eerder *hoe* iets moet geskied, as wat dit sê *wat* moet geskied". Met betrekking tot artikel 25, KO volg hieruit dat die beginsel insake die diakenamp eksplisiet en die bediening van die

amp slegs in hooflyne weergegee behoort te word, sonder dat die ampswerk in detail gereglementeer word.

Die huidige redaksie van KO, artikel 25 omskryf nie die Skrifbeginsel wat grondliggend is aan die diakenamp nie. Daar word wel 'n kort werkskrywing van die amp gegee. Slegs elemente c, d en e van die Bevestigingsformulier word verwoord.

4.4 *Soortgelyke artikels in die Kerkordes van Gereformeerde kerkverbande in ander wêrelddele*

Kerkorde, artikel 25 van die Christian Reformed Church (VSA)

"a. The task of the deacons is to administer Christian mercy toward those who are in need, first of all toward those of the household of faith, but also toward the needy in general. In executing this task they shall diligently collect, administer, and distribute monies and other gifts, and shall serve the distressed with counsel and assistance.

b. They shall confer and cooperate with diaconates of neighbouring churches when this is desirable for the proper performance of their task.

d. They may also seek mutual understandings with other agencies in their community which are caring for the needy, so that the gifts may be distributed properly."

Hierdie redaksie is 'n samevatting van KO, artikels 25, 26 en 83 van die GKSA. Slegs elemente d en e uit die Bevestigingsformulier is in die artikel verwoord.

Kerkorde, artikel 25 van die Christelike Gereformeerde Kerken in Nederland

"De ambtelijke opdracht der diakenen is gelden en goederen in te zamelen ter voorziening in de nood der behoeftigen, deze getrouw en ijverig na gelang van de behoefte, na onderling overleg, te besteden, de bedrukten te bezoeken en te vertroosten en te bevorderen dat de ter beschikking gestelde middelen goed worden gebruikt. Van hun beleid hebben zij rekening en verantwoording te doen aan de gehele kerkeraad en desgevraagd kunnen zij dit doen aan de leden der gemeente op een door de kerkeraad vast te stellen tijd en wijze."

Met wysiging van enkele begrippe, is hierdie artikel wesenlik dieselfde as die bestaande artikel 25, KO van die GKSA.

Kerkorde, artikel 25 van die Gereformeerde Kerken Nederland

"1. De taak van de diakenen is aan de leden der gemeente, die in stoffelijk of in ander opzicht medeleven of hulp behoeven, de christelike barmhartigheid te bewijzen door hen met raad en daad

bij te staan, en ook aan anderen zowel in eigen omgeving als elders in de wereld naar vermogen deze barmhartigheid te bewijzen.

2. Zij zullen tot dat doel de gaven der gemeente inzamelen en beheren en daartoe eveneens andere goede middelen zoeken en aanwenden; ook zullen zij de leden der gemeente opwekken zich persoonlijk te beijveren in het bewijzen van de christelijke barmhartigheid."

Buiten die toerustings-element (f), word alle ander elemente van die Bevestigingsformulier in dié artikel verwoord.

Artikel 22 uit die Kerkorde van die Gereformeerde Kerken Nederland (Vrijgemaakt)

"De taak van de diakenen is de dienst van de barmhartigheid te vervullen. Zij zullen door het afleggen van huisbezoeken zich op de hoogte stellen van de moeiten, waar nood is helpen en bemoedigen, en ook de gemeenteleden aansporen tot het verlenen van hulp.

Verder zullen ze de liefdegaven inzamelen, goed beheren en in gemeenschappelijk overleg naar behoefte uitdelen."

In hierdie artikel word drie van die ses elemente - te wete c, d en e - uit die Bevestigingsformulier direk verwoord. Die ander drie - a, b en f - word in een kort sinsnede saamgevat, naamlik: die taak van die diakens is om die diens van barmhartigheid te vervul.

Samevatting

Uit bogenoemde blyk dat daar in verskeie kerke wêreldwyd redaksioneel gewysig is aan die KO-artikel oor die diakenamp. Laasgenoemde twee is voorbeelde van hoe die diakenamp sowel as die opdragte aan die diakens eksplisiet gestel is. In al die voorbeelde wat genoem is, word daar deurgaans gepoog om formeel (terminologie en styl) soveel moontlik by die oorspronklike redaksie te bly.

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 4.

5. Motivering vir die voorgestelde revisie

5.1 Motivering 1: Wanbalans tussen KO, artikel 25 en Bevestigingsformulier histories verklaar

Die aanloop tot die wanbalans wat tussen KO, artikel 25 en die Bevestigingsformulier vir diakens ontstaan het, moet verklaar word uit die ontwikkeling of verbreding van die siening van die diakenamp. Die volgende historiese gegewens is ter sake:

* Die Algemene Sinode van Reddersburg in 1927 het die diakonale amp limitatief as *armversorging* gedefinieer. Instandhouding van die erediens (in die vorm van insameling van kerklike bydraes) is van die diakenamp losgemaak. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat tot 1927 die insameling van kerklike bydraes nog as deel

van die diakens se pligte gesien is. Bydrae-insameling vir die instandhouding van die erediens is sedertdien nooit weer (amptelik) as behorende tot die amp van die diaken as sodanig beskou nie, alhoewel die Sinode van Burgersdorp in 1930 na aanleiding van 'n Beswaarskrif bevind het dat sodanige insameling nie in stryd met Gods Woord of die Belydenisskrifte sou wees nie. Tog verklaar die betrokke Sinode van 1930 daarby: "...alhoewel dit nie tot die eintlike amp van die diakens behoort nie". Daarmee is finaal afgestap van 'n beskouing dat versameling van kerklike bydraes wesenlik iets met diakonale ampswerk te doen sou hê.

* Die uitdrukking "eintlike amp van die diaken" in KO, art.25 kan histories verstaan word as 'n uitdrukkingswyse om te onderskei tussen dit wat wesenlik tot die amp behoort en dit wat mettertyd deel van diakonale aktiwiteite geword het.

* Bogenoemde onderskeiding het die pad daarvoor gebaan dat daar meer indringend na die inhoud van die "eintlike amp" begin kyk is. Daar is tydens Diakonale Konferensies tussen 1935 en 1974 toenemend van "diens van barmhartigheid" gepraat (Venter, W.F. e.a. 1975. Die Prys van wat Verkoop is). Geestelike - en nie net fisiese of materiële - hulpverlening is al meer beklemtoon, meermale onder die nou reeds bekende spreuk: "Barmhartigheid sonder warmhartigheid is armhartigheid". Die "verder"-gedeelte van KO, art.25 ("...en verder om dit wat in nood is te besoek en te vertroos...") is al meer as "verdere" diakonale diens beklemtoon.

* By die Sinode van 1964 dien die Partikuliere Sinode Kaapland en SWA 'n Beskrywingspunt in waarin gevra word dat 'n indringende studie na die wese van die diakenamp onderneem word. Die verbreding in die siening van die diakenamp het hiermee formeel op die Sinodetafel gekom.

* 'n Uitvoerige Studierapport is aan die Sinode van 1970 voorgelê. Die Sinode het nie die aanbevelings van die Deputate aanvaar nie. Die Rapport se voorstelling van Skrifgegewens insake die diakenamp is nie beoordeel nie. Geen besluit is daarvoor geneem nie. Daar is besluit om te "volstaan met die studie" (Acta 1970:349).

* Die Sinode 1973 ontvang en behandel 'n Beswaarskrif van J.C. Coetzee, A.J. du Plessis en B. Spoelstra teen bogenoemde besluit van 1970. Die Beswaarskrif word goedgekeur. Deputate word aangewys om die "moeilike eksegetiese vraagstukke met verreikende implikasies" waarvoor "deeglike besinning nodig is", verder te bestudeer (Acta 1973:154).

* Die Sinodes van 1979 en 1982 het die besware in die Beswaarskrif beantwoord (Acta 1979:592-596; Acta 1982:468-469). 'n Prinsipiële besluit is geneem: die skopus van die diakenamp is - soos die ander ampte - 'n bediening van Christus aan en in en vanuit die hele gemeente, en wel besonderlik 'n bediening van die liefdevolle

gemeenskapsbeleving en -beoefening in en deur gemeentes as geheel, na binne en na buite. Die beswaardes is dus gelyk gegee, naamlik dat die Skrifgegewens tot hierdie breër siening van die amp lei. Tog is die beswaar teen die formulering van die diakenamp in KO, art.25 (die huidige redaksie) nie gehandhaaf nie. Die verdere besluit (om tog wel die Bevestigingsformulier volgens die nuwe, uitgebreide siening van die diakenamp te herformuleer) het gelei tot die wanbalans tussen die KO en die Formulier.

5.2 *Motivering 2: Konsekwente optrede*

* Die Sinodes van 1979 en 1982 het 'n versoek om die huidige redaksie van KO, art.25 te verander van die hand gewys omdat geoordeel is dat die sinsnede "verder om die wat in nood is te besoek en te vertrou..." alle sogenoemde limiete ophef. Daar kan dus geredeneer word dat daar reeds deur 'n Sinode hieroor gehandel is en dat die saak nie opnuut behandel moet word nie (KO, art.46). Daar dien egter op gelet te word dat die Deputate (wat die Sinode insake die beswaar van 1973 daarop gewys het dat "die beswaardes nie met volle reg beswaar aangeteken het teen KO, art.25 nie") ook die volgende in hulle Rapport gestel het: "Die Deputate het dit nie as hulle opdrag beskou om te oordeel in hoeverre daar in die loop van die geskiedenis en in die kerklike praktyk 'n vereensydigende toepassing van die KO-artikel gefigureer het waardeur dit in praktyk wel met so 'n limitatiewe beperking gehanteer is nie". Die vraag kan dus met reg gestel word of die saak genoegsaam ondersoek is.

* Met hierdie versoek tot revisie word geen beswaar teen die Kerkorde of 'n Sinodebesluit aangeteken nie. Hiermee word wel gevra dat die bestaande besluit van die Sinode 1982 en die feit dat die gewysigde Bevestigingsformulier sedertdien reeds in gebruik is, logies verder gevoer word deur die KO-artikel dienooreenkomstig te verwoord.

* Dat die skopus van die diakenamp reeds baie aandag van meerdere vergaderings en spesifiek die Nasionale Sinode gekry het, staan vas. Vorige besprekings moet ook in gedagte gehou word as gevra word dat die bewoording van KO, art.25 hersien word. Dit moet egter duidelik gestel word dat hierdie ondersoek nie die skopus van die diakenamp opnuut aan die orde stel nie. Op grond van die aanvaarde siening van die skopus, soos verwoord in die Bevestigingsformulier vir diakens, word gevra vir hersiening van die bewoording van KO, art.25. Dit gaan oor niks anders nie as die praktiese implikasie wat die verbreding in die siening van die diakenamp vir die Kerkorde het.

5.3 *Motivering 3: Die verstaan en gebruik van die huidige KO, artikel 25*

* Die huidige redaksie van KO, artikel 25 kan aanleiding daartoe gee dat die klem in die bediening van die diakenamp nie op die regte plek val nie. Tydens visitasie blyk dit dikwels dat die bewoording van

KO, artikel 25 nie bydra tot die verstaan van die breër siening van die diakenamp nie, maar selfs 'n struikelblok in die weg daarvan kan wees. Wysiging van die artikel, om uitdrukking aan die Skriftuurlike skopus van die diakenamp te gee, kan misverstand en vereensydigende toepassing uit die weg ruim en voorkom.

* Die huidige bewoording bring spanning tussen die Kerkorde en die Bevestigingsformulier en kan aanleiding tot verwarring gee. Deur die KO-artikel te wysig kan baie gewen word aan suiwerheid van die ampsbeskouing en -bediening.

* Uit die ontwikkeling van die siening van die diakenamp blyk dat die ou Bevestigingsformulier en die KO-artikel mettertyd "byverklaar" moes word (W.F. Venter, e.a. 1975. Die Prys van wat Verkoop is). Dit het daartoe gelei dat besef is dat daar 'n regstelling moet kom in die lig van Skriftuurlike oorwegings. Was 'n "vereensydigende toepassing" van die artikel nie juis die oorsaak van "byverklaring" en interpretasie wat dikwels gegee moes word nie en wat die Bevestigingsformulier betref, uitgeloop het op herformulering nie? Indien so, is dit 'n logiese konsekwensie dat die KO-artikel die skopus van die amp ook duideliker behoort te verwoord. Toe die beswaar teen KO, artikel 25 afgewys is, was die Bevestigingsformulier nog nie gewysig nie. Na die wysiging het 'n ongemaklike wanbalans tussen die KO en die Formulier ontstaan: 'n wanbalans wat verwarring in die hand kan werk.

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 5.

21.12 BESWAARSKRIF SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE TEEN BESLUIE VAN SINODES 1964 EN 1967 INSAKE BEROEPSBRIEF EN BEVESTIGINGSFORMULIER VIR SENDELINGE (Artt.34, 128)

A. Ds. P.K. Lourens lig die Beswaarskrif toe.

B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Kommissie Kerkregtelike Sake I.

C. Ds. L.S.D. du Plessis rapporteer namens die Kommissie.

D. BESWAARSKRIF

1. Besluite waarteen beswaar gemaak word

1.1 *Besluit van 1964*

"5. Die posisie en taak van die sendingleraars ...

Besluit: Die Sinode neem met dank kennis van die inhoud van hierdie Studiestuk en aan die Sendingdeputate word opgedra om die inhoud te beliggaam in 'n Konsep Beroepsbrief en -Bevestigingsformulier en aan die volgende Sinode voor te lê vir goedkeuring" (Acta 1964:278-279).

1.2 Besluite van 1967

"4. Beroepsbrief sendelinge ... Aanvaar met wysiging van 'sendingleraar' na 'sendeling'." (Acta 1967:242)

"5. BevestigingsFormulier Sendelinge ...

Besluit:

1. Die Formulier word goedgekeur met wysiging dat 'Missionêre Bedienaars van die Woord' in opskrif vervang word met 'Sendelinge'.
2. Die Formulier word deurgestuur na die ander Nasionale Sinodes en die Algemene Sinode vir kennisname.
3. Die publikasie van die Formulier word verwys na die Deputate vir die Uitgee van die Kerkorde" (Acta 1967:243-247)

Besluit: Kennis geneem.

1. Gronde vir beswaar

1.1 *Skriftuurlik:* Bogenoemde besluite bots met die eksegeese, beredenerings en besluite van die Sinodes van 1982, 1985, 1988 en 1991 oor die betekenis van die woord euangelizesthai. Die prinsipiële stellings in genoemde besluite sluit prinsipiële onderskeid in die aard van die dienswerk tussen die dienste van 'n predikant (Bedienaar van die Woord) en sendelinge uit (Acta's 1982:37, 3.5.1; 1985:313, 2.3.3; 1988:416, 3.2; 1991:355-356, 3.1).

1.2 *Belydenis:* Die Nederlandse Geloofsbelydenis ken slegs een diens van "bedienaars van die Woord". (Vergelyk ook DLR 1:3 op grond van Rom 10:14 en 15 en Kateg. 28:75 "dienaar" wat brood en beker uitreik.)

1.3 *Kerkregtelik:*

1.3.1 Op grond hiervan ken die Kerkorde in artikels 2 tot 7 ook net een bedienaar van die Woord, terwyl bogenoemde besluite die sendeling in sy diens naas die predikant plaas.

1.3.2 Terwyl Kerkorde, artikel 7 baie duidelik voorsiening maak vir die uitstuur van 'n bedienaar van die Woord, word daar nie soos by artikel 4 bepaal "...volgens die Formulier wat daarvoor vasgestel is ..." nie. Intendeel, die Bevestigingsformuliere wat aan die Kerkorde uitvoering wou gee volgens wat onder die diens van bedienaar van die Woord verstaan is, het voor 1964 net een Formulier vir bevestiging van die dienaar van die Woord geken. Kerkorde, artt.3-5 bevestig hierdie afleiding.

1.3.3 Kerkorde, art.16 wat handel oor die amp (officium) van die bedienaars van die Woord, maak ook geen onderskeid tussen "sendelinge" en "predikante" nie. Hoewel artikel 18 melding maak van die dienspligte (munus) van professore, word daar nie in artikel 16 onderskeid getref tussen die amp (officium) en dienspligte (munus) ten opsigte van die bedienaars van die Woord nie.

1.4 *Kerkhistories:* Kerkhistories kom die skeiding tussen kerk en sending en so tussen predikant en sendeling eers teen die einde van

die 18e eeu aan die Kaap na vore. Sending is as aparte werksveld deur sy eie organe beskou. Die opvatting is deur Sinode 1979 afgewys toe die aparte Sendingorde afgewys is met die volgende besluit: "(i) Die ou art.51, waarin die korrespondensie gereël is, word nou art.52.

(ii) Die ou art.52, oor die vasstelling van 'n sendingorde, verval. Motivering ...

(iii) Insake die verval van 'n artikel oor die sendingorde: Sending is primêr 'n taak van die plaaslike kerk en verder word dit deur kombinasies, besluite van Klasisse en Sinodes gereël. 'n Sendingorde as 'n vorm van 'n afsonderlike en aanvullende kerkorde is nie meer nodig nie wanneer prinsipiëel tussen kerk en sending onderskei en geskei word nie" (Acta 1979:554, 2.2.3.4, 2.2.3.4.2, 2.2.3.4.4).

2. Versoek

In die lig van bogenoemde versoek ons die Sinode om die aangehaalde besluite van 1964 en 1967 te herroep.

Besluit: Die Beswaarskrif word in sy geheel gehandhaaf en aan die versoek word voldoen.

21.13 BESWAARSKRIF PARTIKULIERE SINODE WES-TRANSVAAL TEEN 'N BESLUIT VAN DIE NASIONALE SINODE 1964 - "...NEERGEDAAL HET NA DIE HEL..." (Artt.32, 220)

A. Ds. L. du P. van der Vyver lig die Beswaarskrif toe.

B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Kommissie vir Beswaarskrifte.

C. Ds. A.P. Kruger rapporteer namens die Kommissie.

D. BESWAARSKRIF

Hiermee word 'n Beswaarskrif ingedien teen 'n besluit van die Nasionale Sinode van 1964 (Handelinge:110) in verband met 'n Beswaarskrif van broeder N.J.J. van Rensburg teen die woorde "en neergedaal het na die hel" in die Apostoliese Geloofsbelydenis. Die besluit waarteen hierdie Beswaarskrif ingedien word, lui as volg: "Die aanbeveling van die Kommissie word aanvaar, maar dit word na die Kommissie terugverwys om 'n antwoord aan die broeder te formuleer." Hierdie beswaar word veral gerig teen die gedeelte van die besluit wat onderstreep is, waarin die Kommissie se aanbeveling dat die beswaar nie gehandhaaf word nie, aanvaar is.

1. Beswaargrond 1

Die Sinode erken dat die woorde "en neergedaal het na die hel" maklik misverstaan kan word, maar los die probleem nie bevredigend op nie.

1.1 *Motivering*

In die beredenering van die saak wat gelei het tot die Sinode se besluite, word erken dat daar "tekskrities en taalkundig talle probleme aan hierdie woorde, waarteen beswaar gemaak word, verbonde is." Daar word ook gesê dat dit duidelik is "dat die frase in sy huidige bewoording maklik anders verstaan kan word as wat dit amptelik deur die Gereformeerde Kerk verklaar word." (Handelinge:110)

Broeder van Rensburg het die bewoording klaarblyklik opgeneem "as bedoelende dat Jesus na sy sterwe neergedaal het na die hel" (Handelinge:110). Dat baie lidmate in die Gereformeerde Kerke die woorde "en neergedaal het na die hel" in lyn hiermee misverstaan, het duidelik geblyk uit 'n opname (kyk Bylae A) wat in die Gereformeerde Kerk Roodepoort gedoen is. Bykans 27% van die belydende lidmate wat die opname voltooi het, was van mening dat Jesus na sy begrafnis neergedaal het na die hel.

Die oplossing wat die Sinode hiervoor bied, bevredig nie. In die beredenering van die saak word bloot verwys na die verklaring van die gedeelte in Heidelbergse Kategismus, 16:44 en dat daar geen onduidelikheid kan wees oor wat die Gereformeerde Kerke onder hierdie artikel verstaan nie. Hierdie oplossing bly egter onbevredigend soos duidelik blyk uit die groot hoeveelheid belydende lidmate wat die woorde steeds misverstaan, alhoewel hulle van jongs af en steeds in die hede met die Heidelbergse Kategismus te doen het. Die benadering wat die Sinode voorstaan, verhoed nie dat daar in die praktyk 'n ongewenste en wyd voorkomende wanbegrip voorkom nie. Die Sinode spreek nie die probleme in die woorde, wat hulle self erken, aan nie, maar probeer dit slegs wegverklar vanuit 'n ander Belydenisskrif.

Een van die basiese bedoelings van 'n geloofsbelydenis is om kernwaarhede van die geloof op so 'n wyse saam te vat dat dit vir die lidmaat as 'n eenvoudige en duidelik verstaanbare samevatting en riglyn kan dien. Die feit dat die woorde "en neergedaal het na die hel" voortdurend vanuit die Kategismus geïnterpreteer moet word, bevestig die feit dat hierdie woorde maklik tot misverstand en verwarring lei. Hierdie misverstand word voortdurend ingeskerp omdat die Apostoliese Geloofsbelydenis bykans elke Sondag in die erediens gehoor word. Ons is van mening dat slegs 'n herbewoording van die frase "en neergedaal het na die hel" tot 'n bevredigende oplossing sal lei en die misverstaan van hierdie gedeelte sal voorkom.

Besluit: Die beswaar slaag op hierdie grond.

2. Beswaargrond 2

Hierdie misverstand (vgl. 1.1) wat by baie lidmate bestaan oor die woorde "en neergedaal het na die hel", is Skriftuurlik en dogmaties onhoudbaar en moet daarom voorkom word.

2.1 *Motivering*

'n Aansienlike proporsie belydende lidmate is van mening dat Jesus na sy begrafnis neergedaal het na die hel (vgl. 1.1). Hierdie wyd voorkomende misverstand word geensins deur Skrifwaarhede ondersteun nie.

Wanneer Jesus se sterwensoomblik aan die kruis aanbreek, sê Hy "Vader, in u hande gee Ek my gees oor." (Lukas 23:46). Hy vertrou sy gees toe aan sy Vader wat nou verder sy gees sal versorg, "beschermen ... en bewaren (Greijdanus, 1941:271, vgl. ook Groenewald, 1973:371.) Ook sy woorde aan die rower volgens Lukas 23:43 bevestig dat Jesus nie na sy dood neergedaal het na die hel nie. Hy sê: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." "Jesus sal hom vashou en saamneem na die plek van geluksaligheid" (Groenewald, 1973:370). Binnekort sal hierdie man deel hê aan die hemelse saligheid en dit in Jesus se "eigene nabijheid" (Greijdanus, 1941:269, vgl. ook Calvyn, 1866:313, 314). Na sy sterwe het Jesus dus geestelik voortgeleef in die hemelse teenwoordigheid van sy Vader.

Inderdaad het Hy die volle smarte van die hel beleef en ervaar. Die dieptepunt hiervan het Hy egter aan die kruis beleef toe Hy met 'n groot stem uitgeroep het: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" (Matt 27:46; Mark 15:34). Hierdie "verlaten zijn van God is het doorstaan van den ewigen dood, de smarten der hel, die daarin bestaat, dat alle genade Gods heeft opgehouden" (Grosheide, 1922:354). Hy moes die gemeenskap met God ontbeer en word oorgegee in die "diepste geestelike vereenzaming en angst voor den ewigen dood" (Ridderbos, 1946:239).

In sekere dwaalverklarings in die verlede is 1 Petrus 3:19-22 in verband gebring met die tydperk tussen Christus se sterwe en opstanding. Ook hier is egter nie sprake dat Christus na die hel neergedaal het om daar te verkondig nie. Nee, sy heengaan self na die hemel, die "triumfeerende opvaart naar boven, was die prediking" (Greijdanus, 1950:63, vgl. Bavinck 1918a:548).

Die gereformeerde dogma soos veral vervat in die Heidelbergse Kategismus, 16:44 het die gegewens van die Skrif getrou gevolg. Daarin word verwys na Christus se "onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe maar veral aan die kruis gely het." Die woorde "neergedaal het na die hel" word op hierdie wyse deur die Kategismus geïnterpreteer.

Baie lidmate (vgl. 1.1) verstaan die woorde egter soos die Roomse dwaalleer, naamlik dat Jesus na sy dood en begrafnis na die hel

neergedaal het (vgl. Bavinck, 1918b:668). Met betrekking tot Jesus se woorde "My God, My God, waarom het U My verlaat", sê Veldkamp (ongedateer, p.235): "Dat was de hel. Hij daalde niet plaatselijk neer in die hel, maar de hel kroop tegen Hem op".

Die onskriftuurlike misverstand waaronder baie lidmate verkeer en wat 'n Roomse dwaalleer is - dat Jesus nadat Hy begrawe is na die hel neergedaal het - moet voorkom word. Ons is van mening dat slegs 'n herbewoording van die gedeelte "en neergedaal na die hel" hierdie misverstand uit die weg sal ruim - 'n herbewoording wat steeds die diepe betekenis dat Jesus al die angste en smarte van die hel deurgegaan het, in ag neem.

Besluit: Die beswaar slaag.

3. Versoek

Indien hierdie Beswaarskrif slaag, word versoek dat die Sinode aan 'n Kommissie of Deputate die opdrag gee om met 'n aanbeveling te kom rakende 'n herbewoording van die woorde "en neergedaal het na die hel" in die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Geloofsbelydenis van Athanasius asook die korrekte plasing van hierdie herbewoording. Hierdie herbewoording moet in lyn wees met die Skrif, asook die Heidelbergse Kategismus, 16:44.

Verder word versoek dat die Kommissie of Deputate aanbevelings maak rakende enige implikasies van so 'n herbewoording.

Besluit: Daar word voldoen aan die versoek van Part. Sinode Wes-Transvaal deur Deputate aan te wys met die volgende opdrag:

1. Om die woorde "neergedaal het na die hel" soos dit in die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Geloofsbelydenis van Athanasius voorkom, volledig te ondersoek en die volgende Sinode te adviseer oor 'n moontlike herbewoording of hervertaling.
2. Om ondersoek in te stel na die moontlikheid van 'n duideliker plasing van die woorde.
3. Om ondersoek in te stel na alle implikasies wat sodanige moontlike hervertaling of herbewoording en of herplasing mag hê en die volgende Sinode daarvoor te adviseer.
4. Skakel met kerke met wie ons in korrespondensie is deur middel van DKBK en met Binnelandse kerke van dieselfde Belydenis deur middel van Deputate Ekumeniese Sake.